Ons Verw. Navrae Mnr Swanepoel
Our Ref. Enquiries /EJ(2143)

5 Julie 1993

Die Ad Sek COMMISSION ON REGIONS

ie Administratiewe Sekretaris

van die Kommissie oor die Ref:1 / 11/1]. o â\200\230\q
Afbakening van Streke

Posbus 307

ISANDO

1600

Meneer

TOEKOMSTIGE STREEKREGERING IN
SUID-AFRIKA : VOORLEGGING

Die Stadsraad van Klerksdorp het na aanleiding van â\200\231'n ondersoek deur die Instituut vir
Beplanning en Ontwikkeling van die P U vir C H O en Metroplan Stads- en Streekbeplanners
oor die plek en rol van Klerksdorp binne 'n toekomstige streekregering, besluit om voorkeure
ten opsigte van streekregeringsgrense van die gebied waarvan die Wes-Transvaal 'n deel sal
vorm, aan u kommissie oor te dra.

Verdere geleentheid tot mondelinge motivering sal verwelkom word.

Vind asseblief aangeheg die Stadsraad se grensvoorstelle asook die navorsingsresultate soos
saamgevat onder die hoof : "Posisionering van Klerksdorp in â\200\231n toekomstige streekregering"
wat stawende getuienis lewer ten opsigte van ten minste die substreek waarby die
landdrosdistrik van Viljoenskroon en Bothaville betrokke is. Die Stadsraad stel dit graag dat
nieteenstaande die finale grensafbakening, u kommissie asseblief moet kennis neem van
inhoud van bogenoemde dokument.

Soos u moontlik bewus is, het Klerksdorp op 18 Junie 1993 grootstadstatus ontvang en is
Klerksdorp tans die enigste grootstad in die Wes-Transvaal. Tydens die Raadsvergadering

op 18 Junie 1993 waarop Grootstadstatus amptelik deur mnr D J Hough, Administrateur van: -

die Transvaal aan die Stadsraad toegeken is, het die Staatspresident, mnr F W de Klerk
onder andere Klerksdorp se posisie.in 'n toekomstige staatkundige bedeling soo â\200\231
gesien:-

GROEIENDE REUS - GROWING GIANT

"Klerksdorp, is ’n stad met ’n toekoms. Ons land is ’n land met ’n toekoms en Klerksdorp daarmee saam, want ons gaan â\200\231’n sterk streekbedeling in die onderhandelinge finaliseer. Ons gaan ooreenkomste sluit waarkragtens die land in streke verdeel sal word en wesenlike en belangrike magte en bevoegdhede aan daardie geografiese streke afgewentel sal word, magte en bevoegdhede wat verskans sal wees in ’n nuwe grondwet en wat aan streekregering â\200\231n nuwe dimensie sal gee soos wat dit nog nooit gehad het, selfs nie onder die aanvanklike provinsiale bedeling van 1910, en as ’n mens logika en praktiese kennis van ons land toepas dan is dit duidelik dat u een van die fokuspunte binne ’n nuwe streek sal wees. Afhangende van hoe die streekbedeling uitval mag daar heelwat kleiner streke wees, dis een opsie, en dan sou u uself moontlik in die middelpunt van ’n nuwe streek kon bevind. ’n Ander opsie waarna ernstig gekyk word is dat die land ten minste aanvanklik in mindere streke verdeel maar selfs al sou u saam met aangrensende streke en gebiede in ’n groter entiteit deel wees, Wes-Transvaal, byvoorbeeld plus Bophuthatswana plus selfs die Vrystaat, dan nog sal Klerksdorp een van die belangriker stede en fokuspunte in so â\200\231’n groter streek wees. U as raadslede dra dus ’n besondere verantwoordelikheid ook in nou reeds die ontwikkeling van ’n gees van samewerking en ’n gees van die grondslag te 1â\202¬ van hierdie nuwe streekbedeling wat baie sekuriteit vir die mense van â\200\231’n streek kan bring en wat â\200\231’n besondere rol kan speel in die ontwikkelingsaksie van ’n streek en ons wil vir u krag en sterkte toewens met daardie belangrike taak wat u het. Tewens, Klerksdorp en baie van die leidende figure lede van u Raad, van u ander ereburgers, is reeds mense wat ’n skeppende rol begin speel het jare gelede in die ontwikkeling van streekdenke en daarom is hierdie streek en sy bure miskien die verste gevorder om reeds â\200\231’n plaaslike streekkonsensus te bou ten opsigte van die hele streekbenadering. Ek wil u daarmee gelukwens. Ek voorsien dus vir Klerksdorp ’n mooi toekoms."

Dit sal waardeer word indien die Stadsraad se voorlegging die Kommissie se ernstige oorweging sal geniet.

Hierdie voorlegging word in drievoud aan u voorsien.

Die uwe

A uItvo DE HOOF/STADSKLERK

b N
e POSISIONERING VA

KLERKSDORP IN â\200\231N
TOEKOMSTIGE
STREEKREGERING

STADSRAAD \ â\200\230v" e ’ CITY COUNCIL
Â»

KLERKSDORP

1993-06-30

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING

1.1 DOEL VAN DIE VERSLAG
1.2  UITGANGSPUNT

KLERKSDORP SE HUIDIGE POSISIE IN STREEKVERBAND

KRITERIA VIR DIE AFBAKENING VAN STREKE

3.1 STREEKBEGRIP
3.2  STREEKAFBAKENING

DIE INVLOEDSGEBIED VAN KLERKSDORP AS Â°N
NODALE KERN

4.1 HIERARGIESE STRUKTUUR
42 LIGGING EN TOEGANKLIKHEID
43  KLERKSDORP SE NATUURLIKE INVLOEDSGEBIED

4.3.1 Handelsinvioedsfeer van Klerksdorp

4.3.1.1 Gravitasiemodelle
4.3.1.2 Straatopname
4.3.1.3 Kordonopname
4.3.1.4 Winkelopname

4.3.2 Sosiale dienste

DIENSGEBIEDE VAN OWERHEIDSINSTELLINGS
SAMEVATTING

10.

11.

12.

13.

@
BEVOLKINGSVERSPREIDING

GROEPERING VAN DORPE
NATUURLIKE HULPBRONNE

71 MINERAALAFSETTINGS
7.2 WATERPOTENSIAAL
7.3 LANDBOUPOTENSIAAL

FISIESE FAKTORE

8.1 KLIMAAT
8.2 PLANTEGROEI

EKONOMIESE BEDRYWIGHEDE

NETWERK/INTENSITEIT VAN INFRASTRUKTUUR

DIE KLERKSDORPSTREEK EN BESTAANDE
ADMINISTRATIEWE- EN BEPLANNINGSTREKE

11.1 LANDDROSDISTRIKTE

11.2 BEPLANNINGSTREKE

11.3 ONTWIKKELINGSTREKE

11.4 STREEKDIENSTERADE

11.5 ADMINISTRATIEWE STRUKTURE

STREEKGEVOEL EN SAMEHORIGHEID

AANBEVELINGS

25

26

27

27
31
32

35

35
35

35

37

37

38
38
39
39

40

a1

41

JWSISIONERING VAN KLERKSDORP IN
â\200\231N TOEKOMSTIGE STREEKREGERING

INLEIDING

Die grondliggende rede vir die onderverdeling van nasionale state in kleinere geografiese gebiede met elk ’n eie regering met bepaalde verantwoordelikhede, is gesetel in die wense van die inwoners om oor bepaalde aangeleenthede wat hul daaglikse bestaan ten nouste raak, self te besluit. Hierdie benadering word gefundeer op die verskynsel dat lande dikwels vanweÃ© faktore soos klimatologie, fisiese aspekte en sosio-ekonomiese samehoï¬\201gheid uit onderskeibare eenhede bestaan.

Huidiglik word vir Suid-Afrika met sy diverse bevolkingsgroepe en hul historiese verbondenheid aan bepaalde grondgebiede ’n sterk gedesentraliseerde staatkundige bestel oorweeg, ten einde mag na die tweede viak owerhede af te wentel. In die beoogde staatkundige onderhandelingsproses sal noodwendig deeglik besin moet word oor die beginsel van streekregerings, die afbakening en vasstelling van streekgrense, watter politieke en funksionele bevoegdhede aan streekregerings toegewys moet word en watter

inkomstebronne tot hul beskikking gestel moet word (Van Rensburg, 1993).

Aangesien die streekkwessie van die uiterste belang is vir Suid-Afrika se toekomstige ekonomiese, politieke en sosiale vooruitsigte is dit die uitgangspunt van die Kommissie vir die Afbakening/Begrensing van Streke om alle relevante groepe - stede, dorpe, streke, civics, gemeenskapsorganisasies,sakegroepe, plakkersnedersettings en ander belangegroepe, veral die wat naby aan voorgestelde grense geleÃ© is - die geleentheid te

gee om ’n bydrae te lewer in die vorm van voorstelle.

In hierdie verband het Klerksdorp Stadsraad besluit om pro-aktief op te tree ten einde

homself te posisioneer ten opsigte van ’n toekomstige streekregering.

DOEL VAN DIE VERSLAG
Die primÃ©re doelstelling van die dokument is om Klerksdorp se posisie in ’n

toekomstige streekbedeling uiteen te sit.
Met bogenoemde doelstelling as basis, is die doelwitte van die dokument soos volg:-
Om te bewys dat Klerksdorp die nodus vorm van ’n omvangryke invioedsfeer

wat oor huidige administratiewe grense (landdros, streek en provinsiaal)
strek.

Om aan te toon waar hierdie funksionele substreek inpas op streekviak.

Om Klerksdorp te posisioneer ten opsigte van ’n toekomstige streekregering.

UITGANGSPUNTE

Met inagneming van beperkte middele/bronne ten einde alle Suid-Arikaners se

welvaart te verhoog, is dit noodsaaklik dat rasionele besluite geneem sal word.
Daarom is dit noodsaaklik dat ’n holistiese benadering gevolg word ten einde die
land in ’n aantal streke af te baken wat (i) ekonomies lewensvatbaar is en ’n basis
skep waardeur voldoende welvaart/werkgeleenthede/belastingsinkomste voorsien
kan word; en (ii) wat administratief beheerbaar en polities nie die een die ander
domineer nie. Die proses van streekafbakening is egter net so belangrik as die

uiteindelike produk.

Aangesien die oogmerke, die aard en omvang van funksies wat streekregerings sal
vervul en die magte waaroor hul beskik, die status van grense sal bepaal, asook ’n
invioed sal hÃ© op die grootte en aantal streke, was dit nodig by aanvang van die

studie om sekere standpunte in te neem.

Die aantal streekregerings sal bepaal word deur :-

die lewensvatbaarheid van streke;
die optimisering van administratiewe kostes in die owerheidsisteem.

Erkenning moet gegee word aan die bestaan van substreke en 'n graad van

outonomie waaroor hierdie streke beskik.

Teen die agtergrond van die voorafgaande is die uitgangspunte van

Klerksdorp Stadsraad as volg:-

Die Klerksdorp Stadsraad steun die beginsel van streekregerings vir Suid-Afrika.

Wat streekafbakening betref, verkies Klerksdorp Stadsraad 'n kleiner streek wat ekonomies lewensvatbaar is en oor sterk sosiale-,

infrastrukturele- en kulturele verbintenisse beskik.

KLERKSDORP SE HUIDIGE POSISIE IN STREEKVERBAND

Volgens die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan (NFO) is Klerksdorp in Beplanningstreek 23 geleÃ© wat hoofsaaklik uit Wes-Transvaal bestaan en tesame met Streek 24 (Noord-Wes Transvaal) Ontwikkelingstreek J vorm.

Beplanningstreke is hoofsaaklik afgebaken op grond van sekere fisiese-, ekonomiese-, en maatskaplike faktore waarbinne 'n sekere mate van interathanklikheid, homogeniteit en streekgevoel bestaan. By hierdie afbakening het administratiewe en politieke grense (landdrosdistrikte- en provinsiale grense) 'n baie belangrike rol gespeel.

Ontwikkelingstreke is weer afgebaken op grond van beplanningstreke terwyl aspekte soos homogeniteit, etnisiteit, ontwikkelingsbehoeftes, -potensiaal, funksionele verwantskappe en politieke grense ook 'n rol gespeel het.

KRITERIA VIR DIE AFBAKENING VAN STREKE

3.1

STREEKBEGRIP

Vanuit 'n streekontwikkelingsoogpunt kan twee tipes streke geidentifiseer word, naamlik homogene- of univorme- en nodale- of funksionele streke.

Die definisie van homogene streke is :

â\200\230areas which are homogeneous in terms of relevant criteria, disregarding, as all generalizations do, conditions which are not homogeneous but which are considered to be irrelevant." (James, 1952:199). 'n Nodale (funksionele streek) word deur Glasson (1984:38) gedefinieer as ... a geographical area which displays a certain functional coherence, an interdependence of parts, when defined on the basis of certain criteriaÂ®.

Homogene streke word normaalweg afgebaken op grond van eiesoortige of homogene verskynsels wat in 'n gebied voorkom soos byvoorbeeld geografiese univorme verskynsels (klimaat, plantegroei, ekonomiese bedrywighede, ens.) asook bevolkingsverskynsels (byvoorbeeld : etnisiteit, bevolkingsdigtheid, ens).

Funksionele of nodale streke vorm weer 'n funksionele eenheid wat geskep word deur die sirkulasie van mense, goedere, gesag en inligting en word deur 'n duidelik identifiseerbare kern gekenmerk.

STREEKAFBAKENING

Alhoewel beide homogene en funksionele streke gebruik kan word vir

beplanningsdoeleindes, kan ’n beplanningstreek gedefinieer word as ’n streek waar die interne wisselwerking sterker is as die wisselwerking met ander streke (Blumenfeld).

Die beplanningstreekafbakening wat deur die NFO gevolg is, het ten doel gehad om ’n sinvolle fisiese-, ekonomiese- en maatskaplike eenheid af te baken, waarbinne daar ’n sekere mate van interathanklikheid en homogeniteit, sowel as ’n streeksgevoel onder die inwoners bestaan. Hierdie benadering het dus eienskappe van beide homogene en funksionele streke geinkorporeer. Die kriteria wat gebruik

is, is soos volg :-

- Identifisering van ’n nodale kern- of kerns met hul invioedsfere.
- Bevolkingsverspreidingspatroon.

- Verspreiding van natuurlike hulpbronne.

= Netwerk en intensiteit van infrastruktuur.

- Fisiese eienskappe.

- Ekonomiese bedrywighede.
- Streeklojaliteit

In meer besonderhede is die tipiese kenmerke van ’n streek en meer spesifiek ’n

beplanningstreek wat ook vir hierdie studie van belang is, die volgende:

1. Die streek moet groot genoeg wees om substansiÃ©le veranderinge teweeg te kan bring ten opsigte van bevolkingsverspreiding en die skep van werkgeleenthede in byvoorbeeld die geval van ’n metropolitaanse gebied

(vergelyk Howard se gedagte van nuwer dorpe om Londen).

2. Die streek moet klein genoeg wees om die beplanningsprobleem in sy geheel te begryp. So gesien behoort die probleem (en die effek wat dit op ’n bepaalde omgewing het) uiteindelik die streek af te baken.

Die streek behoort te beskik oor ’n nodale kern of kerne wat funksioneel in

wisselwerking is met sy omgewing.

Die interne wisselwerking (intrastreeks) behoort groter te wees as die wisselwerking na buite (interstreeks). Dit kan gemeet word in terme van die bedieningsgebiede van die handel- en nywerheidsektor, aankope van

grondstowwe, pendelbeweging na werkplekke en alle tipes kommunikasie.

Die streek bestaan uit heterogene elemente wat ’n interafhanklikheid en ’n

funksionele samehorigheid toon.

Streke moet oor ’n homogene ekonomiese struktuur beskik of homogeen

wees ten opsigte van ’n bepaalde probleem. Dit is nodig ten einde op so ’n

gebied ’n algemene maar gepaste benadering vir ontwikkeling toe te pas wat

tred hou met :

die ontwikkelingsfase waarin ’n gebied verkeer;

die ligging van die gebied ten opsigte van die kerngebied, die

intermediÃ©re of die buitenste periferie.

Streke behoort ook administratiewe grense in ag te neem. Dit is belangrik, gesien teen die agtergrond dat inligting dikwels op â\200\231’n distriksbasis beskikbaar

is wat ook hierdie grense in ag neem.

’n Streek behoort streekgevoel of streeklojaliteit in ag te neem wat basies maar weer daarop neerkom dat dit wat saamhoort, saamgevoeg word binne

so ’n streek.

Streke moet beskou word as dinamiese streke wat aangepas moet word soos

wat omstandighede verander (Bos & Geyer, 1992).

Suksesvolle identifisering en ontwikkeling van ’n nodale kern moet aan die volgende

vereistes voldoen :-

Daar moet 'n mark vir die plaaslike produkte wees of die bepaalde soort

arbeid wat benodig word of die hulpbronne wat as insette benodig word.

Dit moet oor die nodige fisiese infrastruktuur beskik of dit moet geskep kan

word (bv. sakepersele wat van water, elektrisiteit, ens. voorsien is).

Die keuse van 'n nodale kern word ook sterk beinvioed deur die verbindings

wat so 'n nodus met sy hinterland het.

Verder moet die nodus ook effektief met ander nodusse en die omliggende streek geskakel wees wat athanklik is van sy dienste. Fisiese en ekonomiese faktore gee dus aanleiding tot die ontstaan van 'n nodale struktuur, met die mees intensiewe bedrywighede naby aan die kern en die diffusie aktiwiteite

nader aan die grense.

4. DIE INVLOEDSGEBIED VAN KLERKSDORP AS N NODALE KERN

4.1 HIeERARGIESE STRUKTUUR

Indien daar gekyk word na Wes- en Noord-Wes Transvaal, Noord-Kaap asook

Noord-OVS (Bophuthatswana ingesluit) het daar weens 'n verskeidenheid fisiese-, ekonomiese-, sosiale- en politieke groeifaktore met verloop van tyd 'n bepaalde

stedelike struktuur tot stand gekom. Hierdie verskeidenheid faktore het gesamentlik meegewerk dat die dorpe in die gebied in 'n bepaalde hiÃ©rargiese patroon ontwikkel het. In die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan (NFO, 1980 hersiende dokument) is dorpe en stede geklassifiseer volgens die aard van die funksies wat hulle lewer en

die trefwydte van hulle bedieningsgebiede (beswaarde waardes).

Volgens die klassifikasie van die NFO word daar met die uitsluiting van metropolitaanse gebiede 'n onderskeid gemaak tussen vier duidelik identifiseerbare groepe dorpe en stede, naamlik :-

Groep A (Eerste orde dorpe) Hoofgroeikerns of streeksentrums
Groep B (Tweede orde dorpe) Streeksdorpe

Groep C (Derde orde dorpe) Distriksdorpe

Groep D (Vierde orde dorpe) Wyksdorpe

Benewens bogenoemde klassifikasie is sekere dorpe in die NFO ook as sogenaamde "groeipole" aangewys wat gedefinieer word as dorpe of komplekse van dorpe wat oor genoeg groeipotensiaal beskik om sonder veel stimulering te kan ontwikkeling om ’n groot bevolking te dra.

In Tabel 1 en Kaart 1 word ’n uiteensetting gegee van die hiÃ©rargiese orde van dorpe in Wes- en Noord-Wes Transvaal, Noord-Kaap asook Noord-Vrystaat, gebaseer op die beswaarde- en indekswaardes van die NFO, 1980. Indien dit egter in ag geneem word dat Orkney, Stilfontein en Hartbeesfontein opsigself nie enige streekfunksie sal kan vervul nie weens hul nabyheid aan Klerksdorp word die Klerksdorp/Orkney/Hartbeesfonteingebied (KOSH-gebied) vir die doeleindes van hierdie verslag as een geintegreerde stedelike kompleks beskou. Verder is die rangorde van dorpe in Bophuthatswana nie in die NFO, 1980 bereken nie, maar dit kan aanvaar word dat Mmabatho as die huidige administratiewe hoofstad van Bophuthatswana ook as ’n eerste-orde- of A-groep dorp geklassifiseer kan word.

Klerksdorp is ook onlangs op grond van die hoÃ©r orde funksies wat hy vervul, bevolkingsgrootte en status in streekverband as ’n stad verklaar. Die logiese uitvloeisel hiervan is dat hierdie status in ’n nuwe streekbedeling erken behoort te word.

TABEL 1

NASIONALE HIERARGIE VAN DORPE VOLGENS NFO, 1980

(BLOEMFONTEIN RANGORDE INDEKS = 100)

| | |
|---|---|
| KIMBERLEY | 13438,8 |
| KOSH-GEBIED | 12428,1 |
| WELKOM | 11434,6 |
| POTCHEFSTROOM ) | 8686,2 |
| RUSTENBURG | 6828,8 |
| KROONSTAD | 5959,2 |
| LICHTENBURG | 2785,2 |
| VRYBURG | 1642,7 |
| BOTHAVILLE | 1463,8 |
| ZEERUST | 1181,8 |
| SCHWEIZER-RENEKE | 1107,8 |
| VILJOENSKROON | 991,0 |
| WOLMARANSSTAD | 911,2 |
| VENTERSDORP | 909,1 |

DELAREYVILLE 906,9

WESSELSBRON 859,8

FOCHVILLE 814,8

CHRISTIANA 728,1

KOSTER 672,5

BLOEMHOF 519,2

SANNIESHOF 465,62

OTTOSDAL 446,2

COLIGNY 443,0

HOOPSTAD 392,1

SWARTRUGGENS 372,5

LEEUDORINGSTAD 244,3

MAKWASSIE 168,2

= GROEIPOLE

(BRON : NFO, 1980)

K.0.S.H. - STREEKLIGGING

RANGORDE VAN DORPE

A A-GROEP DORPE (GROEIPOLE)
@ B-GROEP DORPE
@ C-GROEP DORPE

QO D-GROEP DORPE

STAOS- EN STREEKSBEPLANNERS

TOWN ANO REGIONAL PLANNERS

PWV Gebied
Bophuthatswana
Streek J

Streek 23

Streek 24
Lenddrosstreke
Hoofpadverbindings
Spoorverbindings

Die konsep van invloedsfeer impliseer dat enige dorp â\200\231'n kern sal vorm vir die behoeftevoorsiening aan sentrale funksies vir die plattelandse bevolking in 'n omliggende gebied. Met toenemende afstand vanaf die dorp neem sy aantrekkingskrag geleidelik af, totdat 'n kompeterende dorp uiteindelik die oorhand verkry volgens die beginsel van afstandsverval. Hoe hoÃ©r die dorp se rangorde op grond van sy funksionele samestelling, hoe verder strek sy trekafstand en invioed. In wese gaan dit om die beweging van mense en goedere tussen die dorp en sy bedieningsgebied. Die koopgedrag van verbruikers en die bedieningsvermoÃ© van 'n dorp lei tot 'n interaksie tussen die dorp en 'n bepaalde omliggende omgewing. Hierdie gebied is ekonomies, sosiaal-kultureel en dikwels ook administratief met die

dorp geskakel.

In die praktyk kan daar basies tussen twee tipes invioedsgebiede onderskei word, naamlik diÃ© wat op 'n natuurlike wyse ontstaan het as gevolg van sekere funksies

en dienste wat by 'n dorp aangebied word en voorafbepaalde invioedsgebiede wat

hoofsaaklik verwys na diensgebiede van byvoorbeeld owerheidsinstansies.

Die A-groep dorpe is geklassifiseer volgens die funksies wat dit in 'n streek vervul wat dus impliseer dat hierdie eerste orde nodale punte ocor 'n bepaalde invioedsgebied beskik wat ook laer orde dorpe insluit. Sulke invioedsgebiede vorm

dan nodale- of funksionele streke.

Abler, 1977 beskryf bogenoemde as volg "Each center dominates an area around i, and in turn a small town and its adjacent rural area is assigned to that larger urban place with which it has the greatest number of functional linkages. Usually this diminant association as it is called is with a nearby city. A nodal region therefore comprises a central place and the surrounding areas predominately subordinated to it

LIGGING EN TOEGANKLIKHEID

Die landdrosdistrik van Klerksdorp is tussen die landdrosdistrikte van Wolmaransstad

en Potchefstroom in Suidwes-Transvaal aan die Vaalrivier geleÃ©. Die distrik

TABEL 2

Klerksdorp word in die noorde en weste begrens deur die distrikte Ventersdorp, Coligny, Lichtenburg en Wolmaransstad, in die ooste deur die distrik Potchefstroom

en in die suide deur die Vrystaatse distrikte Viljoenskroon en Bothaville.

Die landdrosdistrik van Klerksdorp sluit die volgende dorpe in, naamlik :- Klerksdorp, Orkney, Stilfontein en Hartbeesfontein (wat gesamentlik as die KOSH-gebied bekend staan).

Klerksdorp beskik oor 'n goeie pad- en spoorverbindingstelsel met die verskillende dorpe in Wes-Transvaal. Die belangrikste provinsiale paaie wat Klerksdorp bedien is die P3-4 en P3-5 wat as hoofpad dien vanaf die Kaapse metropool oor Kimberley, Klerksdorp, Stilfontein en Potchefstroom na die PWV-kompleks; die P32-1 vanaf Ventersdorp en die P32-2 vanaf die Vrystaat oor Orkney. DiÃ© twee hoofverkeersare,

onderskeidelik in 'n cos-wes en 'n noord-suid rigting, kruis mekaar net noord van die

sentrale sakekern van die dorp.

Ten einde die sentraliteit van Klerksdorp te meet, is daar gebruik gemaak van 'n matriks wat die aantal roetes aantoon tussen die verskillende dorpe in die streek (Tabel 2). Hiervolgens is dit duidelik dat Ottosdal en Klerksdorp die mees sentraal

geleÃ© dorpe in die streek is.

MATRIKS VAN DIE KLEINSTE AANTAL ROETES VAN DORPE IN STREEK J EN NOORD-VRYSTAAT

CHRISTIANA

BOTHAVILLE

SCHWE 1 ZER-RENEKE
DELAREYVILLE

RANGORDE

TABEL 3

Klerksdorp word bedien deur die hoofspoorlyn wat strek vanaf die Kaapse metropool na die PWV-kompleks en vorm verder ook â\200\231'n belangrike kruispunt van spoorverbindings. Waar hierdie hoofspoorlyn by Orkney in die rigting van Kimberley draai, gaan 'n ander spoorlyn suidwaarts om by Vierfontein te vertak in die rigting van Kroonstad, Bothaville en Welkom. Nog 'n spoorlyn in Klerksdorp vertak noordwaarts in die rigting van Ottosdal en daarvandaan na ander Wes-Transvaalse

dorpe.

Die PC Pelser-vliegveld bedien Klerksdorp en is onlangs opgegradeer en onder

andere van 'n teeraanloopbaan voorsien.

Wat toeganklikheid betref, is die besigheidspotensiaal van 'n aantal belangrike dorpe

in Streek J en Noord-Vrystaat bepaal op grond van padafstande en aantal besighede/dienste (Bylae ). Uit die matriks (Tabel 3) blyk dit dus dat Klerksdorp

oor die grootste toeganklikheid ten opsigte van besighede, dienste en die

verbruikersmark in die gebied beskik.

TOEGANKLIKHEIDSMATRIKS OP GROND VAN BESIGHEIDSPOTENSIAAL

- T T % o STROON DORP

] 8 33 0

4

4

SCHWEIZER-RENEKE

@: KLERKSDORP SE NATUURLIKE INVLOEDSGEBIED

43.1 Handelsinvioedsfeer van Klerksdorp

Die handelsinvioedsfeer van Klerksdorp is bepaal by wyse van twee verskillende gravitasiemodelle wat getoets is aan die hand van ’n straatopname in die sentrale sakegebied van Klerksdorp en verkeersopname (kordonopname) rondom die sentrale sakegebied van Klerksdorp gedurende Februarie 1992 asook ’n vraelysopname by vier van Klerksdorp se grootste kleinhandelsondernemings (OK Bazaars, Checkers, Woolworths en Pick ’n Pay) gedurende Maart 1992.

4.3.1.1. Gravitasiemodelle

Talle studies van ander dorpe in Suid-Afrika het reeds aangetoon dat die gebruikmaking van sogenaamde gravitasiemodelle van groot waarde kan wees om â\200\231’n benaderde beeld van ’n dorp se invioedsfeer te verkry. Die Reilly-model berus daarop dat die grootte van ’n dorp se invioedsfeer deur slegs twee faktore bepaal word, naamlik grootte en afstand. In die eerste plek: hoe groter ’n dorp (bevolking) is, hoe ryker die verskeidenheid dienste aldaar en hoe meer mense sal daarheen reis om hul inkope te doen en van dienste gebruik te maak. Tweedens sal ’n dorp meer mense van nabygeleÃ© omgewings trek as van verder weg.

By wyse van ’n formule is die breekpuntafstande tussen Klerksdorp en die naaste hoÃ©r orde dorpe soos Rustenburg, Welkom, Kimberley, Potchefstroom, Mmabatho en Kroonstad bepaal, asook die breekpuntafstande tussen hierdie dorpe afsonderlik ten einde ’n aanduiding te kry van die omvang van Klerksdorp se handelsinvioedsfeer in verhouding met bogenoemde omliggende dorpe in die betrokke streek (Bylae).

Soos aangetoon op Kaart 2 waarop die resultate van bogenoemde voorgestel word, blyk dit dat Klerksdorp

se handelsinvloedsfeer oor bykans die hele Wes-

Transvaal (Streek 23, met die uitsondering van Christiana), asook die landdrosdistrikte van Viljoenskroon en Bothaville in Noord-OVS strek. Potchefstroom se handelsinvioedsfeer is hoofsaaklik beperk tot die gebied tussen Klerksdorp se invloedsfeer en die PWV-gebied terwyl Rustenburg die grootste gedeelte van Streek 24 (Noord-Wes Transvaal) asook die aangrensende Bophuthatswana bedien. Alhoewel Mmabatho se administratiewe invioedsfeer oor die hele Bophuthatswana ;trek, blyk

dit dat sy handelsinvloedsfeer beperk is tot die gebied

tussen Lichtenburg, Zeerust en Botswana.

Aangesien handelsgebiedgrense nie noodwendig rigiede grense verteenwoordig nie, maar slegs 'n breekpunt is vanwaar 'n ander dorp se invloed sterker begin word, is 'n meer gevorderde gravitasiemodel gebruik om die volle omvang van Klerksdorp se handelsinvioedsfeer te bepaal (Bylae).

Bogenoemde kom neer op die bepaling van handels-isolyne rondom Klerksdorp waarvolgens die intensiteitsafname van die invioedsfeer aangedui word. Die resultaat van bogenoemde word op Kaart 3 en in Tabel 4 aangetoon. Hieruit is dit duidelik dat Klerksdorp se handelsinvioedsfeer oor bykans die hele Streek J en Noord-OVS gekonsentreer is, met die kern- of hoofondersteuningsgebied binne 'n driehoek wat begrens word deur Orkney, Stilfontein, Hartbees-fontein, Ottosdal, Makwassie en Leeudoringstad.

K.0.S.H. - STREEKLIGGING

-˜ -

L T L

!
|
I

KAART 2

HANDEL/DIENSTE
INVLOEDSGEBIEDE

MmABATHO (ADMINISTRATIEWE
INVLOEDSGEBIED)

PWV-GEBIED (INTERNE
INVLOEDSGEBIED)

I!!l!l 1l:â\200\231 STADS- EN STREEKSBEPLANNERS
:
- TONN AND REGIONAL PLANNERS

PWV Gebied
Bophuthatswana
Streek J

Streek 23

Streek 24
Landdrosstreke
Hoofpadverbindings
Spoorverbindings

HANDELSINVLOEDSFEER VAN KLERKSDORP
MET AFNEMENDE INTENSITEITSONES VAN
KOOPKRAG

â\200\231 II!!!I â\200\230:â\200\231 STAOS- EN STREEKSBEPLANNERS
â\200\224 TONN AND REGIONAL PLANNERS

PWV Gebied
Bophuthatswana
Streek J

Streek 23

Streek 24
Landdrosstreke

Hoo fpadverbindings
Spoorverbindings

TABELâ\200\231

KOOPKRAGVERHOUDING VAN OMLIGGENDE DORPE BY KLERKSDORP SE KOOPSENTRUM

’OOPKRAG (%) BY KLERKSDORP

BIESIESVLEI
BLOEMHOF
BOTHAVILLE
CHRISTIANA
COLIGNY
DELAREYVILLE
HARTBEESFONTEIN
HOOPSTAD
KIMBERLEY
KROONSTAD
LEEUDORINGSTAD
LICHTENBURG
MAKWASSIE
ORKNEY
OTTOSDAL
POTCHEFSTROOM
RUSTENBURG
SANNIESHOF
SCHWEIZER-RENEKE
STILFONTEIN
VENTERSDORP
VILJOENSKROON
VRYBURG
WELKOM
WESSELSBRON
WOLMARANSSTAD

BRON: BEREKENINGS VAN GRAVITASIEMODEL, 1992

43.1.2

43.1.3

16

Straatopname
Tydens ’n straatopname wat op 1 Februarie

1992 in die sentrale besigheidsgebied van Klerksdorp gehou is, is ’n totaal van 576 mense ondervra, waarvan 176 afkomstig was van dorpe wat strek oor die hele Wes-Transvaal en Noord-Vrystaat. Die meerderheid respondente was afkomstig van Orkney, Stilfontein, Hartbeesfontein, Potchefstroom, Bothaville en Viljoenskroon. Die resultate van hierdie opname stem in ’n groot mate ooreen met diÃ© van Kaart 3.

Kordonopname
’n Kordonopname is op Vrydag 14 Februarie

1992 van 07:00 tot 18:00 rondom die Sentrale Sakegebied uitgevoer om die oorsprong van motoriste wat die sakegebied besoek, te bepaal. ’n Totaal van 3540 van die vraelyste wat aan die motoriste uitgedeel is, is volledig en korrek ingevul en weer by die

waarnemingspunte ingehandig.

Tabel 5 dui die aantal respondente aan wat van groter Klerksdorp (Klerksdorp, Alabama, Jouberton en Manzilpark) en van ander dorpe

afkomstig was.

TABEL 5

OORSPRONG VAN RESPONDENTE VAN DIE KORDONOPNAME RONDOM DIE SENTRALE SAKEGEBIED VAN KLERKSDORP

KLERKSDORP
ALABAMA
JOUBERTON
MANZILPARK
BLOEMFONTEIN
BOTHAVILLE
COLIGNY
DELAREYVILLE
HARTBEESFONTEIN
JOHANNESBURG
KIMBERLEY
LEEUDORINGSTAD
LICHTENBURG
MAKWASSIE
ORKNEY EN KANANA
OTTOSDAL
POTCHEFSTROOM
PRETORIA
STILFONTEIN EN KHUMA
VENTERSDORP
VIERFONTEIN
VILJOENSKROON
WOLMARANSSTAD 3

ANDER 85
TOTAAL 3540

BRON: KLERKSDORP SSG KORDONOPNAME, 1992

43.1.4



Uit die totaal van 3540 respondente was 770 (21,75%) afkomstig van ander dorpe buite groter Klerksdorp. Dit blyk dat 69,61% van die respondente van elders, van ander dorp in die KOSH-gebied afkomstig was en 5,71% van Potchefstroom. Met die uitsondering van besoekers uit Johannesburg, Pretoria, Bloemfontein en Kimberley is die oorblywende respondente afkomstig van die handels-invloedsfeer van Klerksdorp soos aangetoon op Kaart 3.

Winkelopname
Gedurende Maart 1992 is daar met die

samewerking van die bestuurders lyste gelaat by vier van Klerksdorp se grootste kleinhandelsondernemings, naamlik OK Bazaars, Checkers, Woolworths en Pick ’n Pay, waarop die winkelassistente die herkoms van al die kopers sowel as die bedrag wat bestee is, moes invul. In Tabel 6 word die dorp van oorsprong, die aantal kopers en die maandelikse bedrag wat gespandeer is, aangetoon vir die dorpe wat binne Klerksdorp se berekende handelsinvioedsfeer en net daarbuite geleÃ© is, asook die totale van streke buite hierdie gebied.

TABEL 6

OORSPRONG VAN KOPERS EN MAANDELIKSE KOOPKRAG BY VIER GROOT KLEINHANDELSONDERNEMINGS

KLERKSDORP (INSLUITENDE 3 995 200
ALABAMA, JOUBERTON,
MANZILPARK)

BLOEMHOF
BOTHAVILLE
CHRISTIANA

COLIGNY
DELAREYVILLE
FOCHVILLE
HARTBEESFONTEIN
KIMBERLEY
KROONSTAD
KURUMAN
LEEUDORINGSTAD
LICHTENBURG
MAFEKENG
MAKWASSIE
MIGDOL
MmABATHO
ODENDAALSRUS 454
ORKNEY 545 694
OTTOSDAL 42 169
PARYS 2208

POTCHEFSTROOM 129 525
SANNIESHOF 1 310

SCHWEIZER-RENEKE 26 814
STILFONTEIN 321 768
TAUNG 91

VENTERSDORP
VIERFONTEIN

VILJOENSKROON
VIRGINI
VRYBL;Q
WARRENTON
WELKOM

WESSELSBRON
WOLMARANSSTAD

JAN KEMPDORP

PLASE EN GEHUGGIES BINNE
INVLOEDSFEER

RES VAN TRANSVAAL

RES VAN OVS
RES VAN KAAPPROVINSIE
RES VAN BOPHUTHATSWANA

ANDER

DIE BEDRAE IS AFGEROND

WINKELOPNAME, 1992

KAART 4

MAANDELIKSE KOOPKRAGVLOEI
NA KLERKSDORP SE 4 GROOTSTE
KLEINHANDELSONDERNEMINGS

SKAAL : 1imm = R20 000

â\200\234:’ STADS- EN STREEKSBEPLANNERS
TOWN AND REGIONAL PLANNERS

HhOY
[
o

g
re
.

O [ 1E

Â»

T
|
1

L

PWV Gebied
Bophuthatswana
Streek J

Streek 23

Streek 24
Landdrosstreke
Hoofpadverbindings
Spoorverbindings

Sosiale dienste

Gesondheid:

Uit die tabel blyk dit duidelik dat die herkoms van kopers en die bedrae wat maandeliks spandeer word, grootliks korreleer met die waarskynlikheidsisolyne soos aangetoon op Kaart 3. Aangesien die getalle van die kopers en die bedrae wat hulle spandeer ook hier in berekening gebring word, verskil die hoofondersteuningsgebied in ’n geringe mate van diÃ© soos bepaal deur die gravitasiemodel. Volgens Tabel 6 word hierdie grens gevorm deur Orkney, Stilfontein, Potchefstroom, Hartbeesfontein, Wolmaransstad, Leeudoringstad, Bothaville en Viljoenskroon. Ottosdal en Makwassie wat volgens Kaart 3 deel van hierdie grens vorm, val in hierdie geval net daarbuite. Die maandelikse koopkrag na Klerksdorp vanaf ander dorpe word op Kaart 4 aangetoon. Die omvangryke koopkragvloei vanaf Orkney, Stilfontein, Hartbeesfontein, Potchefstroom, Wolmaransstad, Makwassie, Leeudoringstad, Bothaville en Viljoenskroon kan duidelik op die kaart waargeneem word. Hierdie dorpe verteenwoordig dus Klerksdorp

sebelangriksteeksterneondersteuningsgebied.

Die volgende gesondheidsdienste word in Klerksdorp aangetref:-

Klerksdorp Provinsiale HospitÃ©lal

Tshepong Hospitaal

Anncron-kliniek
Sunningdale-kliniek
Cornelius Bekker-kliniek; en

Munisipale-kliniek

Gesamentlik huisves bogenoemde gesondheidsdienste sowat 1050 beddens. Klerksdorp Provinsiale Hospitaal en Tshepong Hospitaal is as streekhospitale vir Wes-Transvaal geklassifiseer. Die omvang van die bedieningsgebied van die gesondheidsdienste in Klerksdorp is bepaal by wyse van opnames wat by Klerksdorp Hospitaal, asook die mediese praktisyns in die dorp gedoen is. Die bedieningsgebiede van die Hospitaal en mediese praktisyns vergelyk goed met die 10% isolyn op Kaart 5 wat bykans die hele Wes-Transvaal, Noord-Vrystaat en 'n gedeelte van Noord-Kaap behels.

Opvoedkundig
In Klerksdorp en Jouberton is daar gesamentlik 19 PrimÃ©re skole, 8

SekondÃ©re skole, 2 Tegniese skole en 2 Spesiale skole. Daar is

verder ook die volgende TersiÃ©re en ander inrigtings, naamlik :-

Klerksdorp Tegniese Kollege;
Anchor Kollege;

Zetra Kollege;

Academy of Learning; en
Wes-Transvaal Verplegingskollege.

Western-Transvaal Education Foundation

Die herkoms van skoolkoshuisgangers van vyf skole in Klerksdorp word op Kaart 6 aangetoon en diÃ© van twee tersiÃ©re inrigtings

(Tegniese Kollege en Verpleegsterskollege) op Kaart 7. Die groot

aantal skoolkoshuisgangers vanaf Johannesburg is hoofsaaklik skoliere by die Engelssprekende skole.

-

B0 a0\ iy -
% 0%%Â°%Â¢Â°0 { LT} v.unr:r:@
A
Xooooddaaation
3 0800 0D AR g Oy
Q P L

\ \PNV
GEBIED
o \I
]

! \\ 1,
20% 30%, 40%\50% 60% 70% / %0 7
. 80\˜

%˜

W

KAART 5

BEDIENINGSGEBIEDE

PWV Gebied
Bophuthatswana

s MEDIESE PRAKTISYNS Streek J
m m m KLERKSDORP HOSPITAAL Stresk 23

Streek 24
Landdrosstreke

- I STAOS- EN STREEKSBEPLANNERS Hoofpadverbindings
L o Spoorverbindings
i TONN AND REGIONAL PLANNERS

,

,

il

,

,

,

,
,
D

KAART 6

HERKOMS VAN SKOOL
KOSHUISGANGERS

o

PWV Gebied
Bophuthatswana
Streek J

Streek 23

Streek 24
Landdrosstreke
Hoofpadverbindings
Spoorverbindings

HERKOMS VAN STUDENTE AAN
TERSIERE INRIGTINGS

â\200\230:â\200\231 STADS- EN STREEKSBEPLANNERS

TOWN AND REGIONAL PLANNERS

PWV Gebied
Bophuthatswana
Streek J

Streek 23

Streek 24
Landdrosstreke
Hoofpadverbindings
Spoorverbindings

Groothandelsdienste

Soos aangetoon op Kaart 8 waarop die bedieningsgebiede van 'n aantal groothandelsondernemings aangetoon word, vervul Klerksdorp 'n belangrike streekdiens ten opsigte van groothandelsondernemings

en bedien die hele Wes-Transvaal en ook Noord-Vrystaat.

DIENSGEBIEDE VAN OWERHEIDSINSTELLINGS

Telkom

Klerksdorp dien as enigste punt waar outomatiese telefoonoproepe hanteer word vir

'n groot deel van Wes-Transvaal. Die Klerksdorp kantoor lewer verder

ingenieursdienste aan bykans die hele Wes-Transvaal (Kaart 9).

Ontvanger van Inkomste
Klerksdorp bedien die hele suidelike deel van Wes-Transvaal wat strek vanaf die PWV-gebied tot by Christiana (Kaart 9).

Justisie / Gevangenis

Die suidelike gedeelte van Wes-Transvaal word deur die Streekhof wat in Klerksdorp gesetel is bedien, terwyl Klerksdorp Streekgevangenis 'n groot gedeelte van Wes-Transvaal en Noord-Vrystaat bedien (Kaart 10).

Mynkommissaris :
Die Mynkommissaris op Klerksdorp bedien die hele Streek 23 (Wes-Transvaal,

Streek 24 (Noord-Wes Transvaal) en Carltonville distrik (Kaart 11).

Eskom
Eskomkantoor op Klerksdorp bedien bykans die hele Streek 23 (Christiana uitgesluit), die westelike gedeelte van Streek 24, gedeeltes van Bophuthatswana en

Noord-Vrystaat tot suid van Welkom (Kaart 11).

BEDIENINGSGEBIEDE
(GROOTHANDELSDIENSTE)

Emmm VARS PRODUKTE MARK

Â® Â® Â® LEWERINGSGEBIED VARS
MELKPRODUSENTE

N == FARMASEUTIESE PRODUKTE

l_.l o STAOS- EN STREEKSBEPLANNERS
- TOMN AND REGIONAL PLANNERS

.Oâ\200\230;
%

1

b
Â»
s

O 1 [1E

T
|
1

L

PWV Gebied
Bophuthatswana
Streek J

Streek 23

Streek 24
Landdrosstreke
Hoofpadverbindings
Spoorverbindings

BEDIENINGSGEBIEDE

mmmm TELKOM (INGENIEURSDIENSTE)
m m = ONTVANGER VAN INKOMSTE

STADS- EN STREEKSBEPLANNERS

TONN ANO REGIONAL PLANNERS

PWV Gebied
Bophuthatswana
Streek J

Streek 23

Streek 24
Landdrosstreke
Hoofpadverbindings
Spoorverbindings

-

KAART 10

BEDIENINGSGEBIEDE

PWV Gebied
Bophuthatswana

mmmm STREEKHOF Streek J

mmm STREEKGEVANGENIS Streek 23
Streek 24

Landdrosstreke

I:I o STAOS- EN STREEKSBEPLANNERS Hoofpadverbindings
Spoorverbindin
â\200\224 TONN ANO REGIONAL PLANNERS PeGTVeArENdIngs

KAART 11

BEDIENINGSGEBIEDE

mmmm KANTOOR VAN MYNKOMMISSARIS
mm u ESKOM

tl o ’ STAQS- EN STREEKSBEPLANNERS
_â\200\224 TONN AND REGIONAL PLANNERS

PWV Gebied
Bophuthatswana
Streek J

Streek 23

Streek 24
Landdrosstreke
Hoofpadverbindfhgs
Spoorverbindings

Mannekrag

Die plaaslike kantoor van Departement Mannekrag bedien die hele Streek 23, 'n gedeelte van Streek 24 en Noord-OVS (Kaart 12).

Provinsiale Owerheid

Alhoewel Potchefstroom 'n groot rol ten opsigte van Provinsiale Owerheidsdienste speel, word die volgende Departemente in Klerksdorp verteenwoordig :-

Departement Onderwys en Opleiding
Paaiedepartement
Gesondheidsdienste
Biblioteekdienste

Streekdiensterade

Streek J is ingedeel in twee Streekdiensterade, naamlik Wesvaal Streekdiensteraad met Klerksdorp as setel vir hoofsaaklik beplanningstreek 23 (Kaart 12) en Rustenburg-Marico Streekdiensteraad vir beplanningstreek 24 met Rustenburg as setel.

SAMEVATTING

Uit die ondersoek blyk dit dat Klerksdorp die kern vorm van 'n omvattende invioedsgebied wat oor distriks-, provinsiale- en beplanningstreekgrense strek. Na die noorde, weste en suide is afstand en die invioed van ander groot sentra verantwoordelik vir die begrensing van hierdie invioedsfeer. Na die ooste sluit hierdie invloedsfeer Potchefstroom ook in ten opsigte van handel en dienste. Potchefstroom vorm egter 'n nodale kern ten opsigte van die opvoedkundige en sekere owerheidsdienste wat Klerksdorp ook in sy invioedsfeer insluit.

Verder blyk dit ook dat die invioedgebied van Klerksdorp naastenby ooreenstem met landdrosdistrikgrense van dorpe in Streek 23 (met die uitsondering van Christiana) asook Viljoenskroon- en Bothaville distrikte in Streek 30.

KAART 12

BEDIENINGSGEBIEDE

B = E MANNEKRAG
Emmm WESVAAL STREEKDIENSTERAAD

0’.

PWV Gebied
Bophuthatswana
Streek J

Streek 23

Streek 24
Landdrosstreke
Hoofpadverbindings
Spoorverbindings

BEVOLKINGSVERSPREIDING

In Tabel 7 word die totale landelike- en stedelike bevolkingsverspreiding van Klerksdorp invioedsgebied uiteengesit en op Kaart 13 word die stedelike bevolkingsverspreiding aangetoon.

Die gebied beskik oor ’n totale bevolking van 801 500 wat bestaan uit ’n stedelike bevolking van 337 726 en landelike bevolking van 463 774 mense.

JABEL 7

BEVOLKINGSGETALLE : KLERKSDORP INVLOEDSGEBIED

| | |
|---|---|
| BLOEMHOF | 7 216 |
| COLIGNY | 10 475 |
| DELAREYVILLE | 16 165 |
| KLERKSDORP | 162 199 |
| LICHTENBURG | 37 499 |
| POTCHEFSTROOM | 91 461 |
| SCHWEIZER-RENEKE | 20 058 |
| VENTERSDORP | 16 073 |
| WOLMARANSSTAD | 28 664 |
| BOTHAVILLE | 28 198 |
| VILUOENSKROON | 45 766 |

o= ˜

– –

,
,
]
]
.
,
]
,
,

KLERKSDORP INVLOEDSGEBIED

VERSPREIDING VAN STEDELIKE BEVOLKING

KLERKSDORP

1. BLOEMHOF LICHTENBURG
2. COLIGNY POTCHEFSTROOM

DELAREYVILLE SCHWEIZER-RENEKE
VENTERSDORP
WOLMARANSSTAD
BOTHAVILLE
VILJOENSKROON

GROEPERING VAN DORPE

Deur die toepassing van ’n naaste "buurman analiseâ\200\235 blyk dit dat die dorpe binne di
e

invloedsgebied se verspreiding ’n mate van gegroepeerdheid het.

Die naaste Buurman Analise is ’n tegniek wat handel oor die onderlinge verband wat sekere lokaliteite (nodes, dorpe) met mekaar het en waarvolgens die verspreiding of graad van

dispersie statisties bepaal kan word.

Die analise is gebaseer op die meting van die direkte of korste afstand tussen ’n dorp en sy naaste buurdorp. Die gemiddelde verspreiding van die dorpe in ’n gebied word eerstens verkry deur die rekenkundig gemiddelde van die gemerkte afstande te bepaal. Die formule

is soos volg:-

Zr = die som van die gemete afstand

N = aantal metings

Die gemiddelde verspreiding van ’n gebied se dorpe kan gebruik word om met die gemiddelde verspreiding van dorpe in ’n ander gebied vergelyk te word. Die kortse afstand

verbindings dui ook sekere groeperings van dorpe aan.

Volgens hierdie analise is ’n duidelike globale groepering van die dorpe van Beplanningstreek 23 en twee dorpe van Beplanningstreek 30, naamlik Bothaville en Viljoenskroon. Met die uitsondering van Christiana en Fochville is die naaste buurdorp van al die dorpe in Beplanningstreek 23 in dieselfde streek geleÃ©. Sowel Bothaville as Viljoenskroon het nader verbintenisse met Beplanningstreek 23 as met

ander dorpe in Beplanningstreek 30.

7.

MTUURLIKE HUiBRONNE

7.1

MINERAALAFSETTINGS
(Kaart 14 verwys)

Goud:

Die grootste gedeelte van die konglomerate wat goud in ekonomiese hoeveelhede bevat, kom voor in die Bo-Witwatersrandkom. Die ontginning van hierdie goud vind hoofsaaklik in die dagsoom of bedekte dagsoom van hierdie kom plaas.

Die Klerksdorp invioedsgebied bevat egter een van die belangrikste goudvelde in hierdie Bo-Witwatersrandkom, naamlik die Klerksdorpse goudvelde, waar veral drie goudmyne, naamlik Vaal Reefs, Hartebeesfontein en Buffelsfontein tans goud produseer.

Etlike konglomoraatbande of gouddraende riwwe wat in die verlede ontgin is of tans

nog ontgin word, is die Dominiumriwwe, die riwwe van die Afrikaner (Babrosco)- en die Buffelsdoorn (Quest)- myn, die Commonagerif, die Vaalrif, die Gold Estatesriwwe, die riwwe naby die top van die Etage Elsburg, die Ventersdorpkontakrif en ten slotte die piritiese kwartsiet en konglomeraat in die Serie Swartrif.

Tans word goud hoofsaaklik uit die Vaalrif ontgin, wat bestaan uit kiein spoelklippies en gekenmerk word deur ’n dun basale koolstoflaag, waarmee die grootste gedeelte

van die goud geassosieer is. Silwer en uraan word as byprodukte van goud ontgin.

Diamant-alluviaal:

Diamanthoudende afsettings kan in drie kategoriÃ© ingedeel word, naamlik die Ou Konglomerate, Kimberlietpype en -"spleteâ\200\235 en Alluviale gruis en rotsblokke van rivieroorsprong. Geen Kimberlietpype kom voor in die streek nie.

(i) Witwatersrand Konglomeraat:
Hierdie diamante kom voor in dieselfde konglomeraat waaruit goud

geproduseer word. Groen diamante met ’n massa van tot 8 karaat is vroeÃ©r in hierdie konglomeraat op die Klerksdorpmeent gevind.

(i) Binnelandse alluviale rivier-afsettings:

(@) Afsettings van die Vaalrivierbekken:
Viak afsettings van hoÃ© koraekgruis kom verspreid voor oor die viaktes waar die Vaal- en Hartsriviere hulle kanale ingesny het, in die

omgewing tussen Bloemhof en Schweizer-Reneke. Goed omlynde

gruisterasse het ontwikkel in die omgewing van Christiana.

Lichtenburg- en Ventersdorp velde:

Diamanthoudende spoelgruis is wyd verspreid in die noordelike deel van die Lichtenburg- en Ventersdorp distrikte. Die diamante kom voor in onreÃ©lmatige gruiskolle.

Titaan (Ti) - minerale

Titaan is 'n silwerwit metaal wat meestal in swaar minerale voorkom en dit is byna net so sterk soos staal, hoewel dit oor 'n kleiner massa beskik. Gevolglik word dit baie vir metallurgiese doeleindes gebruik, veral in die bou van vliegtuie, enjins en skeepsrompe. In Wolmaransstad distrik strek die afsettings in die Ecca-groep met tussenposes oor 'n strekkingslengte van 16km vanaf Baviaanskrans 80 HP in die

noorde. Die reserwes word op * 3,15 miljoen ton geskat.

Kalksteen en Dolomiet (Ls)

Kalksteen en sy derivaat, kalk, het meer gebruike in die nywerheid as enige ander natuurlike produk. Kalksteen self is 'n belangrike grondstof in die vervaardiging van sement, terwyl dit as 'n smeltmiddel in smeltwerke, as 'n neutraliseerder in suur grond en in 'n sekere mate as 'n bousteen gebruik word. Belangrike afsettings sekondÃ©re kalksteen uit die Dolomiete van die Transvaal sisteem kom voor in die gebied rondom Lichtenburg, waar dit gemyn en tot sement verwerk word, terwyl laegraadse kalkreet op Rietfontein 247, distrik Wolmaransstad vir die vervaardiging

van sement gedelf word.

Koalien (Ck

Koalien is ’n tipe klei wat hoofsaaklik in die keramiek-, papier- en rubbernywerhede gebruik word. Afsettings kom voor op die plaas Haaskraal suid van Potchefstroom, terwyl daar by Stilfontein vuurvaste klei-afsettings voorkom wat hoofsaaklik vir die vervaardiging van boustene gebruik word.

Sout (Na)

Die chemiese nywerhede is die grootste verbruiker van sout as grondstof vir die produksie van soda-ys, bytsoda, soutsuur, chloor, natriumsulfaat, natriumsulfied,

natriumsianied en metaalnatrium. Ander belangrike gebruike van sout is in die

preservering van voedsel, in verkoeling, die verglasing van erdegoed, die pekel en

looi van velle, vir padopperviaktes, as ’n veelek en kunsmis en in die vervaardiging van onkruid- en insekdoders. Sout word tans ontgin in die omgewings van Delareyville en Bloemhof, waar dit uit omringende gesteentes uigeloog en in die

panne in die gebied gekonsentreer word.

Yster - minerale

Hematiet, magnetiet, sideriet, limoniet, goethiet en lepidokrosiet is die vernaamste kommersiÃ©le ystermineraIe. Alhoewel ystererts nie op die huidige stadium in die streek ontgin word nie, is daar tog afsettings wat ekonomiese belangstelling gewek

het, naamlik :

Sisteem Witwatersrand:

24km reg noord van Wolmaransstad op die plase Strydpoort 403 1Q, Rietkuil 155 HO, Waagkraal 374 IQ en Klipdrif 376 1Q, waar die beste afsettings op Rietkuil 155 HO voorkom met ’n geraamde reserwe limonieterts van 5,4 miljoen ton met 48,7% ysterinhoud, asook ’n geraamde reserwe hematieterts van ’n miljoen ton. Alhoewel hierdie afsettings gerieflik naby ’n spoorlyn geleÃ© is, kan dit hanteer en

vervoerprobleme oplewer as gevolg van die samestelling van die limonieterts.

Sisteem Transvaal:

i)

Goeie ertsafsettings kom voor op die plaas Syferfontein 381 JQ suidoos van Koster en waar die totale dikte van die laag = 7,5m, die gemiddelde graad

+ 50% yster en die beskikbare reserwe + 0,5 miljoen ton is.

Ysterafsettings word baie goed blootgelÃ© noord-oos van Potchefstroom op die plase Stompoortfontein 391 1Q, Bachhoek 393 IQ, Kaalplaats 394 IQ, Deelkraal 142 1Q, Buffeldoorn 143 IQ, Elandsfontein 144 I1Q, Kraalkop 147 1Q en Weltevreden 357 IQ tot by Wildebeeskuil 360 IQ. Hierdie horison word weer blootgelÃ© reg noord van Potchefstroom op die plase Gerhardminnebron 139 1Q en Buffelsviei 383 IQ.

Die beste ontwikkelde erts kom voor op Deelkraal 142 IQ, Buffelsdoorn 143 IQ en Elandsfontein 144 |A, waar die laag + 1,5m - 3m dik is en 43-50% yster

bevat met ’n reserwe van = 8 miljoen ton.

Maatsteen:

Die volgende rotsmateriale wat hoofsaaklik vir argiteks- of ingenieursdoeleindes

gebruik word, word in die streek aangetref :

@)

Graniet, kwartsporfier (Mg). Uitgebreide dasome van hierdie medium- tot grofkorrelrige, rooierige graniet kom voor in die Parysgebied en een van die mees onlangse plekke waar dit ontgin word, is noord van die Vaalrivier op die plaas Kopjeskraal 517 1Q.

Kwartsiet en sandsteen (MQ) by Schweizer-Reneke. Uitgebreide werksplekke kom voor op ’n koppie net noord van Schweizer-Reneke, waar groot stukke

kwartsitiese plaveisteen van 6mm - 25mm dik ontgin word.

Wondersteen word op die plase Driekuil 280 IP en Gestoptefontein 349 IQ,

noord van Ottosdal ontgin.

XDa X Da
Â° Llr.hunburq(,xâ\200\231

XDa

e
\
Â® Delareyvilie

7

!\xDu Â® "I tpoort

wWolmaranss tad

Â§ XDa

~_

0 10 20 30 40 S0 60 70 80 90 100

Kilometer

KLERKSDORP INVLOEDSGEBIED

MINERAALAFSETTINGS

BO-WITWATERSRANDBEKKEN X CK KOALIEN
GOUDVELDE X CM MIKAGROEP
(GOUD, URAAN,SILWER) X Mn MANGAAN
STEENKOOLVELD X KALKSTEEN
X Da DIAMANTE X TORIUM

X Na SOUT X Ti TITAAN

X Fe YSTER X MQ KWARTSIET/SANDSTEEN

BRON : DELFSTOWWE VAN DIE
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

[EIMETROPLAN = o

Mangaan (Mn) - minerale

Mangaan is die belangrikste ferrolegeringselement, aangesien sowat 95 persent van die totale verbruik daarvan aangewend word vir metallurgiese doeleindes in die

produksie van kool- en legeringstaal.

Voorkomste van kristallyne mangaanerts en mangaanaarde kom voor in die gebied wes van Ventersdorp, terwyl dit verder noord-weswaarts verspreid voorkom, veral in die boonste gedeeltes van die Serie Dolomiet tot noord van Lichtenburg. Alhoewel hierdie afsettings klein is en van beperkte ekonomiese belang, het dit aandag getrek weens verskillende doeleindes waarvoor dit op die gebied van die nywerheid aangewend kan word, asook weens die vraag na laegraadse ertse vir die doeleindes van uraanekstraksie. Gedurende 1973 en 1974 het ontginning van die minerale op die plase Diby Plain 63 IQ en Oatlands 79 IQ wes van Ventersdorp, asook Vlakplaats 112 1Q en Klipkuil 352 JP in Lichtenburg-distrik voorgekom.

WATERPOTENSIAAL

Bogrondse water
Die Klerksdorp streek is in sy geheel binne die opvanggebied van die Vaalrivier

geleÃ© en word gedreineer deur verskeie takriviere, naamlik :-

GEMIDDELDE JAARLIKSE AFLOOP
IN MILJOEN KUBIEKE METER
PER JAAR

HARTSRIVIER
MAKWASSIESPRUIT
MOORIVIER
SCHOONSPRUIT
VALSRIVIER
RENOSTERRIVIER
SANDSPRUIT

(KAART 15)

Die opgaarvermoÃ© van die belangrikste damme in die betrokke gedeelte van die

Vaalrivierstelsel is as volg :-

I OPGAARVERMOÃ© (X10 M )

BLOEMHOF 1267,790
BOSKOP 20,476
COLIGNY 1,613
ELANDSKUIL 1,825
JOHAN NESER 5,832
KLERKSKRAAL 8,824
KLIPDRIF 14,346
LAKESIDE 2,495
RIETSPRUIT 7,772
SCHWEIZER-RENEKE 7,771

Ondergrondse waterpotensiaal:
Die dolomitiese komponente in die Klerksdorp-, Potchefstroom-, Ventersdorp- en

Lichtenburggebied beskik oor heelwat waterpotensiaal. Alhoewel die totale kapasiteit van hierdie bronne nog nie bekend is nie, is dit wel bereken dat die totale dolomietgebied in Wes-Transvaal 'n infiltrasie van altesaam 216 miljoen kubieke meter het.

LANDBOUPOTENSIAAL
Tabel 8 is 'n opsomming van landboutoestande in die Klerksdorpstreek en toon reÃ©nval- en rypgegewens, gewasvoorkeure en voorgestelde weidingskapasiteit

uitgedruk in grootvee-eenhede per hektaar (GVE/ha) per landdrosdistrik.

LICHTENBURG @

@ SCHWEIZER RENEKE

@ BOTHAVILLE

BLOEMHOF @

Â®
KAART 15

KLERKSDORP INVLOEDSGEBIED -
DREINERINGSPATROON

RIVIERE

1.  MOOIRIVIER

2. SCHOONSPRUIT

3. MAKWASSIESPRUIT
4. HARTSRIVIER

5. SANDSPRUIT

6. VALSRIVIER

7. RENOSTERRIVIER

DOLOMITIESE KOMPARTEMERNTE EN
ONDERGRONDSE OPVANGSGEBIEDE

[BEIMETROPLAN =" =7

Uit die tabel blyk dit dat die landbou in die streek onderworpe is aan ’n lae reÃ©nval en ryptoestande. Die dominante gewasse wat verbou word is mielies, graansorghum en sonneblom, terwyl koring ook prominent is in die Vrystaatse distrikte. Ander gewasse wat verbou word is aartappels, grondbone (veral prominent in die Potchefstroom distrik) en droÃ© bone.

Bees- en skaapboerdery word in die hele Klerksdorpstreek aangetref, meestal in samehang met gewasverbouing. Die weidingskapasiteit van die streek stem grootliks ooreen, met ’n geringe hoÃ©r kapasiteit in die Bloemhof-, Bothaville- en Viljoenskroondistrikte.

TABEL 8

LANDBOUTOESTANDE VAN DIE STUDIEGEBIED

BLOEMHOF – 15 SEPTEMBER TOT 15 MEI

â\200\234 BOTHAVILLE 15 OKTOBER TOT 15 APRIL

COLIGNY 15 SEPTEMBER TOT 15 MEI
1 OKTOBER TOT 30 APRIL

DELAREYVILLE 15 SEPTEMBER TOT 15 MEI

â\200\234 KLERKSDORP 1 OKTOBER – 30 APRIL
15 OKTOBER – 15 APRIL
15 SEPTEMBER – 15 MEI

LICHTENBURG 573 15 SEPTEMBER TOT 15 MEI

POTCHEFSTROOM 615 15 OKTOBER TOT 15 APRIL

SCHWEIZER-RENEKE 460 15 SEPTEMBER TOT 15 MEI
1 OKTOBER TOT 30 APRIL

VENTERSDORP 595 15 SEPTEMBER TOT 15 MEI

VILJOENSKROON 562 15 OKTOBER TOT 15 APRIL

WOLMARANSSTAD 527 15 SEPTEMBER TOT 15 MEI
1 OKTOBER TOT 30 APRIL

" ALLE SYFERS IS GEMIDDELDE VIR REDELIKE HOMOGENE BOERDERYGEBIEDE PER LANDDROSDISTRIK

BRON: SCHEEPERS ET AL, 1984.

FISIESE FAKTORE

KLIMAAT

Die heersende dag- en nagtemperature van die hele Klerksdorpstreek is tipies van diÃ© van die HoÃ©veld en wissel tussen 27Â°C in die somer tot benede vriespunt in die winter. Ryptoestande kom algemeen voor vanaf September tot Mei (vgl. Tabel 6). Die reÃ©nval van die streek wissel in hoofsaak tussen 460mm - 615mm per jaar (vgl. Tabel 6) en het ’n afname van oos na wes. Die hele Klerksdorpstreek is onderhewig aan stortbuie en donderstorms wat hoofsaaklik vanaf Oktober tot Maart voorkom. Nagenoeg 84% van die reÃ©nval kom in hierdie tydperk voor. Winde uit die

noordelike sektor is dominant oor die hele streek.

PLANTEGROEI

Die natuurlike plantegroei van die Klerksdorpstreek bestaan hoofsaaklik uit suiwer grasveldtipes met Cynbopogon-Themedaveld oorheersend. Ten noorde van die Vaalrivier kom boomgroei meer algemeen voor as suid daarvan. ’n Verskeidenheid van kenmerkende bome word veral in eersgenoemde gebied aangetref, naamlik Acacia Caffra (Kameeldoring), Acacia Karoo (Soetdoring), Celtis Africana (Witstinkhout - in die Potchefstroomdistrik), Acacia Eriolabra (Kameeldoring - in die Klerksdorpdistrik) en Rhus Lancea (Karee).

Die meeste rivierlope in die streek beskik oor ’n verskeidenheid inheemse plante en bome. Die natuurlike plantegroei van die streek is reeds op groot skaal vervang as

gevolg van die sterk landbousektor.

EKONOMIESE BEDRYWIGHEDE

in Tabel 9 word ’n uiteensetting gegee van die BGP bydrae per ekonomiese sektor wat ’n

goeie aanduiding gee van die ekonomiese struktuur van die Klerksdorpstreek.

Volgens hierdie tabel is mynbou die grootste bydraer tot die BGP van die gebied en vorm

tesame met die landbousektor die ekonomiese basis van die Klerksdorpstreek.

TABEL 9

KLERKSDORP INVLOEDSGEBIED : BGP - BYDRAE PER EKONOMIESE SEKTOR

DISTRIK

KLERKSDORP 31102 3717456 93838 111053 176335 214649 134503 4556232

POTCHEFSTROOM 98107 166626 25991 76194 100772 202526 807070

VENTERSDORP 93726 545 25 9763 7099 6575 113791

COLIGNY 12403 = = 3506 2892 5284 611276

LICHTENBURG 92761 175963 52371 35953 23145 407838

DELAREYVILLE 51835 845 12810 6905 7857 92245

WOLMARANSSTAD 36045 2121 . 19731 9785 12682 116245

SCHWEIZER-RENEKE 56678 3103 17170 8991 7998 100071

BLOEMHOF 7440 - 4950 3862 3785 35559

VILJOENSKROON 69053 8547 6023 6268 166943

BOTHAVILLE 63071 16926 13216 6626 129027

10. NETWERK/INTENSITEIT VAN INFRASTRUKTUUR

Dorpe in die Klerksdorp invloedsgebied beskik oor goeie pad- en spoorverbindings met

Klerksdorp en beskik oor goeie onderlinge verbindings met mekaar (Kaart 16).

In Tabel 10 word die besigheidsinfrastruktuur van Klerksdorp se invloedsgebied aangetoon

TABEL 10
BESIGHEIDSINFRASTRUKTUUR IN KLERKSDORP SE INVLOEDSGEBIED

Ow
2}

TIPE

0 -
-
=

BESIGIHEDE

mrerr=< 200
Hwz2>3>XZ2r 0%
mrr=<>=˜40Â®

<<kmMmÂ®BÂ®LrmoO
˜>Â»0wd=-40
PRAZNQO-r=<
<Â«<MZA=-r0N
me-=wwnu> x>
â\200\234BO D uwu=<xm

K
L
E
R
K
s
D
o
R
r

Z=MAZOMMC==dun
PRIMN-mZ
P00 wam˜42ZmC
>Z Y == =230

Qâ\204¢M C3ZT -˜
z
o â\200\234=m00Cmmr

ZqgMmumma -0>
-_â\200\224Mr<umeume-=322

DIE KLERKSDORPSTREEK EN BESTAANDE _ADMINISTRATIEWE- EN
BEPLANNINGSTREKE |

Die Kommissie vir die Afbakening/Begrensing van Streke het as verklaarde voorneme om
ook historiese grense, insluitende provinsiale-, landdros- en distriksgrense in aanmerking

te neem in sy voorstelle vir die begrensing van streke. Uit die ander faktore wat ook deur die Kommissie in aanmerking geneem word, is dit egter duidelik dat bestaande

administratiewe begrensings nie noodwendig deurslaggewend sal wees nie en dat ander

KAART 16

LIGGING IN STREEKVERBAND

mmmm KLERKSDORP INVLOEDSGEBIED
â\200\224 - â\200\224PAAIE
------ SPOORLYNE

PWV Gebied
Bophuthatswana
Streek J

Streek 23

Streek 24
Landdrosstreke
Hoofpadverbindings
Spoorverbindings

oorwegings, onder andere die voorkoms van nodale dienspunte, die beperking van koste en die nodigheid om ongerief aan mense en die ontwrigting van dienste te minimiseer, ook 'n rol sal speel in die finale begrensing.

Die Klerksdorpstreek word huidig ingesluit in verskeie administratiewe begrensings wat Suid-Afrika vir verskillende doeleindes in 'n hiÃ©rargie van kleiner en groter eenhede verdeel. Die tersaaklike begrensing vir die Klerksdorpstreek is soos volg:-

LANDDROSDISTRIKTE

Die Klerksdorpstreek is in 'n groot mate saamgestel uit landdrosdistrikte soos blyk uit die feit dat die volgende landdrosdistrikte as geheel binne die streek val:

Bloemhof
Bothaville
Coligny
Delareyville
Klerksdorp
Lichtenburg
Potchefstroom
Schweizer-Reneke
Ventersdorp
Viljoenskroon
Wolmaransstad

Distrikgrense word beskou as "gegewe" streke wat ook as basis gebruik word vir die versameling van statistiese gegewens oor streke. In diÃ© verband is die voortbestaan van distriksgrense dus redelik noodsaaklik. Aanpassings van distriksgrense kom egter wel voor om tred te hou met veranderende behoeftes en omstandighede.

BEPLANNINGSTREKE

Die Klerksdorpstreek sluit, met die uitsondering van die Christiana distrik, die hele Beplanningstreek 23 en die landdrosdistrikte van Bothaville en Viljoenskroon in wat in Beplanningstreek 30 geleÃ© is.

Die doel van die Beplanningstreke was om die land in kleiner, meer hanteerbare eenhede te verdeel vir doeltreffende beplanning. Die kriteria wat gebruik is om die beplanningstreke af te baken, naamlik 'n nodale kern met sy invioedsfeer, bevolkingsverspreidingspatroon, natuurlike hulpbronne, infrastruktuur, fisiese gesteldheid, ekonomiese aktiwiteite en administratiewe- en politieke grense, het onder andere daartoe aanleiding gegee dat Beplanningstreek 23 se grense grootliks ooreenstem met die Klerksdorpstreek (Klerksdorp se invioedsfeer) - met die uitsondering van die landdrosdistrikte van Bothaville en Viljoenskroon, wat vanweÃ© die aanwesigheid van 'n provinsiale grens (die Vaalrivier) nie ingesluit is by die funksionele streek waarby dit tuishoort nie.

## ONTWIKKELINGSTREKE

Ten einde streekekonomiese ontwikkeling te bevorder, is Suider-Afrika (insluitend die TBVC-lande) onderverdeel in 'n aantal breÃ© ontwikkelingstrekÃ©. Die ontwikkelingstreke sluit verskillende geografiese gebiede met gemeenskaplike ontwikkelingsprobleme en aanvullende ontwikkelingsbronne in (RSA, 1981:70).

Die NFO-beplanningstreke het gedien as boustene vir die samestelling van nasionale ontwikkelingstreke, wat beteken dat die beginsel van nodaliteit as uitgangspunt behou is. Homogeniteit ten opsigte van fisiese eienskappe en ekonomiese aktiwiteite is in ag geneem terwyl etnisiteit ook as kriteria gebruik was. Daar is ook gepoog om elke streek met 'n bestaande metropolitaanse gebied te assosieer.

Op grond van bogenoemde kriteria is Ontwikkelingstreek J saamgestel met Klerksdorp/Potchefstroom en Rustenburg as nodale kerne. Met die uitsondering van die twee landdrosdistrikte in die OVS (Streek C) is die hele Klerksdorpstreek by Ontwikkelingstreek J ingesluit.

## STREEKDIENSTERADE

Ingevolge die Wet op Streekdiensterade (Wet 109 van 1985) is 'n outonome, veelrassige plaaslike owerheid ingestel vir die ontwikkeling en voorsiening van

plaaslike owerheidsdienste op ’n streekgrondslag. Hierdie dienste sluit in grootmaat

water- en elektrisiteitvoorsiening, rioolsuiweringswerke, grondgebruik- en vervoerbeplanning, paaie en stormwaterdreinering, vullisstortingsterreine en verskeie

ander streekfunksies.

Die Wet op Streekdiensterade dui sekere faktore aan wat in ag geneem moet word by die bepaling van grense. Dit sluit in (RSA, 1988:11):

Gemeenskaplikheid van belange tussen die onderskeie gemeenskappe en hul onderlinge sosiaal-ekonomiese afhanklikheid ten opsigte van arbeid, vervoer, ontspanningsgeriewe en verbruikersbesteding (dus funksionele streke);

Die aard en kostedoeltreffendheid van die dienste wat gelewer moet word,

en

Terreingesteldheid (bv. berge en riviere) asook bestaande administratiewe

grense.

Die bedieningsgebied van die Wesvaal Streekdiensteraad is Beplanningstreek 23, wat daarop dui dat die gebied aan bogenoemde kriteria vir gemeenskaplikheid

voldien.

Die regsgebied van ’n Streekdiensteraad word nie noodwendig deur provinsiale

grense beperk nie, tog is dit die geval in die Klerksdorpstreek.

ADMINISTRATIEWE STRUKTURE

Administratiewe oorwegings is een van die verklaarde faktore wat die Kommissie in aanmerking neem vir sy voorstelle in verband met streekafbakening. In hierdie opsig het die Streekontwikkelingsverenigings en Streekdiensterade wat aktief is in Beplanningstreke 23 en 24 en die verskillende SOAK-strukture reeds aanleiding gegee tot ’n waarneembare substreek- en streekgevoel en samehorigheid. Selfs al verval bogenoemde administratiewe strukture later, sal daar rekening gehou moet word met die eenheid wat reeds tot stand gebring is.

12.

13.

41

STREEKGEVOEL EN SAMEHORIGHEID

Die proses van streekafbakening behels nie net die "kritiese" vasstelling van streekgrense

nie. Daar is ook 'n "gevoelswaarde" wat by die gemeenskappe getoets behoort te word ten einde te bepaal watter gemeenskappe wel deel wil wees van 'n bepaalde streek; die behoefte het om gemeenskaplike belange gesamentlik te behartig en huishoudelike

aangeleenthede outonoom wil hanteer (De Villiers, 1992).

Huidige administratiewe strukture het reeds in 'n groot mate 'n samehorigheidsgevoel in Streek J tot stand gebring wat hegter is as die gevoel na buite die streek. Ook sport- en sosio-kulturele strukture het 'n bydrae hiertoe gelewer. Die SATSWA-inisiatief het hierdie

gevoel van gemeenskaplikheid en samehorigheid na 'n groter gebied uitgedra.

AANBEVELINGS

Gesien teen die agtergrond van die algemene kriteria wat geld ten opsigte van streekafbakening, asook die oorwegings wat deur die Kommissie vir die Afbakening/Begrensing van Streke, in aanmerking geneem word en die mate van streekseenheid en samehorigheid wat reeds deur huidige administratiewe en ander strukture en streekinisiatiewe teweeg gebring is, is dit duidelik dat die Klerksdorpstreek reeds 'n

groter mate van skakeling toon met Streek J en Noord OVS.

Uit voorafgaande is dit ook duidelik dat daar met die afbakening van 'n streekregeringsgebied waarby Klerksdorp as 'n prominente nodale punt ingesluit word, rekening gehou sal moet word met sy funksionele- of effektiewe invioedsgebied wat onder andere ook die landdrosdistrikte van Bothaville en Viljoenskroon in die Noord-Vrystaat

insluit.

Met bogenoemde as belangrikste oorweging beveel Klerksdorp Stadsraad aan dat :-

1s Die Klerksdorpstreek as 'n funksionele streek onverdeeld sal bly.

2. Klerksdorpstreek (Noord-OVS ingesluit) deel sal vorm van 'n streek wat ook Streek J sal insluit.

Wat funksies betref, is daar sekere funksies wat op streek sowel as op plaaslike viak uitgeoefen sal moet word. As uitgangspunt word dit dus gestel dat alle funksies wat op plaaslike viak uitgeoefen moet word, wel in Klerksdorp gevestig sal wees. Funksies wat op streekvlak uitgeoefen moet word, sal bepaal word aan die hand van

diensgebiede van bepaalde funksies. Basiese kriteria wat hier van toepassing sal

wees ;-

Ligging en toeganklikheid.

Fisiese- en ekonomiese kenmerke van die bedieningsgebied wat die aard van die funksies sal bepaal.

Beskikbare infrastruktuur asook potensiaal.

Wat ligging en toeganklikheid betref, is Klerksdorp teenoor ander hoÃ©r orde sentrums in Wes-Transvaal, Noordwes-Transvaal (Bophuthatswana ingesiuit), asook Noord-OVS die mees toeganklike en sentraal geleÃ© dorp.

Owerheidsdienste in Klerksdorp wat alreeds ’n prominente streekdiens lewer:-
- Telkom
= Ontvanger van Inkomste
= Justisie (Streekhof)
Gevangenis
Mynkommissaris
Eskom
Mannekrag
Binnelandse Sake
Gesondheidsdienste (ambulansdienste ingesiuit)

Bogenoemde funksies het hoofsaaklik hier gevestig weens die dominante posisie wat Klerksdorp ekonomies- en bevolkingsgewys in die streek beklee. Verder beskik hierdie funksies oor ’n besliste potensiaal om selfs ’n wyer streekdiens in die

toekoms te lewer.

(k-stad(1), p1-43)

Bykomende owerheidsfunksies waarvoor daar ’n potensiaal bestaan :-

Â° Landbou
(Weens teenwoordigheid van reeds bestaande infrastruktuur soos byvoorbeeld Sentraal-Wes Hoofkantoor, Mielieraad ens. en sentrale ligging

ten opsigte van â\200\231’n welvarende landboustreek).

Â° Streek-Ekonomiese Ontwikkeling
(Weens Klerksdorp se hoÃ© ekonomiese status wat hy in die streek beklee).

Â° Onderwys
(Veral ten opsigte van tegniese- en beroepsgerigte onderwys. Bestaande infrastruktuur in Klerksdorp wat alreeds ’n prominente streekdiens lewer is

byvoorbeeld Tegniese- en Verpleegsterskollege).

. Kultuur
’n Owerheidfunksie wat kan aansluit by die Museum wat byvoorbeeld uitgebou kan word tot ’n streekmuseum met uitstalings wat verteenwoordigend is van die hele streek, asook die geskiedenis van Blank en Swart. Verder beskik Klerksdorp oor die grootste biblioteek in die Streek wat oor die potensiaal beskik om in ’n streeksbiblioteek te ontwikkel.

Klerksdorp gaan van die standpunt uit dat erkenning aan bestaande owerheidsinfrastruktuur in Potchefstroom verleen word en dat daar eerder gekonsentreer word op die uitbouing van bestaande funksies wat reeds in Klerksdorp bestaan, asook potensiÃ©le owerheidsfunksies wat tot stand kan kom in

’n nuwe streekbestel.

BESIGHEIDSPOTENSIAAL

Aantal handelsondernemings en dienste in a

Besigheidspotensiaal

Padafstand a - b

GRAVITASIE MODELLE

() Reilly-model
In die bepaling van Klerksdorp se invioedsfeer is daar soos volg te werk gegaan:-

Die breekpuntafstand is bepaal deur gebruik te maak van totale aantal handelsfunksies (klein- en groothandel) van dorpe en padafstande tussen dorpe.

Die formule wat gebruik is, is soos volg:-

Breekpuntafstand vanaf
Klerksdorp (A) Afstand A - B

Aantal funksies en dienste B

Aantal funksies en dienste A

Die breekpuntafstande is bepaal tussen Klerksdorp en die naaste dorpe van min

of meer dieselfde rangorde, naamlik :-

Dorp Totale aantal besighede

(Klein- en Groothandel)
Rustenburg 1267
Welkom 1450
Kimberley 1208 Â¢
Potchefstroom 1334
Mmabatho 667
Kroonstad 614

Die aantal handelsondernemings in Klerksdorp was tydens die berekeninge 2039.

Die gegewens wat gebruik is vir die bepaling van Klerksdorp se

handelsinvioedsfeer en die berekende breekpuntafstande word in meegaande tabel

aangetoon.

BREEKPUNTAFSTANDE VIR KLERKSDORP SE INVLOEDSFEER

DORP PADAFSTAND NA KLERKSDORP AANTAL HANDELSONDERNEMINGS BREEKPUNTAFSTAND
KM KM

WELKOM 1450 75

RUSTENBURG 1267 94

KIMBERLEY 1363

POTCHEFSTROOM 47 . 1334

KROONSTAD 121 ˜ 614

VRYBURG (OOR SCHWEIZER- 218 410
RENEKE)

MmABATHO 175 667

VRYBURG (OOR DELAREYVILLE) 214 410
BRON: BEREKENINGS VAN GRAVITASIEMODEL: TELEFOONGIDSE; VISAGIE, 1991

(b). Koopkragverhoudingsmodel

$S_j$

$T_{ij}$

Waarskynlikheid dat verbruikers van plek i by koopsentrum j sal koop

Sj = Grootte van koopsentrum j

Tij = Reistyd van verbruikers i na koopsentrum j

Die totaal van die handelsondernemings in die dorpe verteenwoordig die grootte van die koopsentra. Verder word die reistyd vanaf laerorde dorpe na die hoÃ©-orde koopsentra ook in berekenbing gebring. Die resultaat is die waarskynlike persentasie van elke laerorde dorp se kopers wat hulle inkope by Klerksdorp se koopsentrum doen. L.W.: Wanneer â\200\231n laerorde dorp nader aan ’n ander hoÃ©r-orde dorp geleÃ© is, word die koopsentrum

van laasgenoemde ook in berekening gebring.

As voorbeeld van die berekeninge word Stilfontein se waarskynlike ondersteuning van Klerksdorp se koopsentrum bepaal met inagneming van die aantrekkingskrag wat sy eie

koopsentrum uitoefen.

Koopkragverhouding Besighede K
Stilfontein (s) by
Klerksdorp (K) Reistyd sK

Besighede K Besighede S

Reistyd sK Reistyd sS

K = Klerksdorp se koopsentrum
S = Stilfontein se koopsentrum

s = Stilfontein se dorpsgebied

Reistyd = (1) Van SSG tot SSG teen die maksimum toeglate spoed, dit wil sÃ© 100 tot 120 kpu buitestedelik en 60 kpu binnestedelik.

(2 Binne dorp self beraam op 5 minute

169,92

233,12

72,90% ->

BRONNE

ABLER, R., ADAMS, J.S., GOULD, P., 1977. Spatial organization : the geographerâ\200\231s view of the world. London: Prentice-Hall.

BOS, D.J. & GEYER, H.S., 1992. Die ontstaan en ontwikkeling van die streekbegrip. Potchefstroom: PU vir CHO (ongepubliseerd).

DEPARTEMENT VAN MYNWESE, 1976. Delfstowwe van die Republiek van Suid-Afrika. Pretoria: Staatsdrukker.

DEVELOPMENT BANK OF SOUTHERN AFRICA, 1992. Economic and social memorandum Region J. Halfway House. DBSA.

DE VILLIERS, 1992. Regional government in the new South Africa, Johannesburg.
DU PISANIE, J.A., 1980. Streeksekonomiese beleid in die RSA: Pretoria.
GLASSON, J., 1984. An introduction to regional planning. London: Hutchinson.

JAMES, P.E., 1952. Towards a further understanding of the regional concept. Annals of the Association of American Geographers. 56:516-528

KLERKSDORP STADSRAAD, 1992. Kordonopname: SSG ontwikkelingsplan. Klerksdorp.
KLERKSDORP STADSRAAD, 1992. Winkelopname: SSG ontwikkelingsplan. Klerksdorp.

MULTI-PARTY NEGOTIATING PROCESS, 1993. Commission on the Demarcation/Delimitation of Regions. Isando.

RSA, 1980. Hersiene uitgawe van die Nasionale Fisiese Ontwikkelingsplan. Pretoria: Staatsdrukker.

RSA, 1981. Departement van Binnelandse Sake en Inligting. Die Goeie Hoop Plan vir Suider-Afrika. Pretoria: Staatsdrukker.

RSA, 1988. Departement van Ontwikkelingsbeplanning en die Staatkundige Ontwikkelingsdiens. Die Streekdiensterade. Pretoria : Staatsdrukker.

SATSWA, 1992. SATSWA regional demarcation proposals.

SATSWA, 1993. The SATSWA initiative: the current status (1993).

SCHEEPERS, J.J.; SMIT, JA.; LUDICK, B.P., 1984. 'n Evaluasie van die landboupotensiaal van die HoÃ©veldstreek in terme van droÃ©land gewasverbouing en veeproduksie. Pretoria: Staatsd rukker.

SCHUTTE, J.L., 1992. Streekregering vir Wes-Transvaal, Bophuthatswana en Noord-Kaap : 'n

beplanningsbenadering. Potchefstroom : PU vir CHO.

TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE. DEPARTEMENTVAN PLAASLIKE BESTUUR, 1981. Streek 23 Streekanalise. Pretoria: TPA.

VAN RENSBURG, H., 1992. Departement van Streek en Grondsake. Streekindeling op basis van ekonomiese kriteria. Werksdokument.

VOORSTELLE VIR

STREEKAFBAKENING
(WES-TRANSVAAL-GEBIED)

STADSRAAD ) 'c" X ' CITY COUNCIL
e om

KLERKSDORP

1993-06-30

INLEIDING EN UITGANGSPUNT

Met inagneming van beperkte middele/bronne ten einde alle Suid-Afrikaners se welvaart te verhoog, is dit noodsaaklik dat rasionele besluite geneem sal word. Daarom is dit noodsaaklik dat ’n holistiese benadering gevolg word ten einde die land in ’n aantal streke af te baken wat (i) ekonomies lewensvatbaar is en ’n basis skep waardeur voldoende welvaart; werkgeleenthede; belastingsinkomste voorsien kan word; en (ii) wat administratief beheerbaar en polities nie die een die ander domineer nie. Die proses van streekafbakening is egter net so belangrik as die uiteindelike

produk.

Aangesien die oogmerke, die aard en omvang van funksies wat streekregerings sal vervul en die magte waaroor hul beskik, die status van grense sal bepaal, asook ’n invioed sal hÃ© op die grootte en aantal streke, was dit nodig by aanvang van die

studie om sekere standpunte in te neem.

Die aantal streekregerings sal bepaal word deur :-

die lewensvatbaarheid van streke;
die optimisering van administratiewe kostes in die owerheidsisteem.

Teen die agtergrond van die voorafgaande is die uitgangspunte van Klerksdorp

Stadsraad as volg :-

Die Klerksdorp Stadsraad steun die beginsel van streekregerings vir Suid-Afrika.

Dat daar die volgende alternatiewe opsies vir streekafbakening bestaan waarmee Klerksdorp hom kan vereenselwig.

Keuse 1:
Ontwikkelingstreek J met Noord-OVS (Bothaville- en Viljoenskroon

distrikte) wat binne Klerksdorp se invioedsgebied geleÃ© is.

Keuse 2:
SATSWA opsie 1 met Noord-OVS (Bothaville- en Viljoenskroon landdrosdistrikte) wat binne Klerksdorp se invioedsgebied geleÃ© is.

Keuse 3:

Ontwikkelingstreek J met OVS en gedeelte van Noord-Kaap.

Keuse 4:
SATSWA opsie 1 plus OVS.

Wat bogenoemde opsies betref, verkies Klerksdorp Stadsraad ’n kleiner

streek wat ekonomies lewensvatbaar is en oor sterk sosiale-,

infrastrukturele- en kulturele verbintenisse beskik (Opsie 1).

MOTIVERINGS

Die faktore wat die Kommissie in aanmerking neem in sy voorstelle vir toekomstige streekgrense, is soos volg:-

Historiese grense, insluitende provinsiale landdros- en distriksgrense en

infrastrukturej

Administratiewe oorwegings, insluitende die beskikbaarheid of nie-

beskikbaarheid van infrastrukture en nodale punte vir dienste;

Die nodigheid of nie om bestaande strukture te rasionaliseer (insluitende die TBVC-state, selfregerende gebiede en streekregerings);

Die noodsaaklikheid om finansiÃ©le en ander koste sover as redelikerwys moontlik te beperk;

Die nodigheid om ongerief vir mense te minimiseer;

Die nodigheid om die ontwrigting van dienste te minimiseer;

Demografiese oorwegings;

Ekonomiese lewensvatbaarheid;

Ontwikkelingspotensiaal;

Werklikhede ten opsigte van kultuur en taal.

KEUSE 1 : STREEK J MET INSLUITING VAN MINSTENS BOTHAVILLE EN VILJIOENSKROON LANDDROSDISTRIKTE IN DIE NOORD-VRYSTAAT

Historiese grense, insluitende provinsiale- en landdrosdistrik-

grense asook infrastrukture
Met die uitsondering van die landdrosdistrikgrense van Bothaville en

Viljoenskroon in Noord-OVS is die grensafbakening in coreenstemming met bestaande provinsiale- en landdrosdistrikgrense in Streek J.

Die streek is saamgestel uit die volgende landdrosdistrikte in

Beplanningstreke 23, 24 en 30.

Streek 23:
Klerksdorp, Potchefstroom, Lichtenburg, Coligny, Ventersdorp, Christiana, Bloemhof, Schweizer-Reneke, Delareyville, Lichtenburg en

Wolmaransstad.

Streek 24:
Rustenburg, Koster, Marico en Swartruggens.

Streek 30:

Bothaville en Viljoenskroon.

Uit hierdie oogpunt beskou, het bestaande administratiewe strukture soos die verskillende Streekdiensterade, landboukodperasies, water-voorsieningsrade, sekere owerheidsinstellings, Streekontwikkelings-verenigings en Streekontwikkelingsadvieskomitees alreeds aanleiding gegee tot 'n waarneembare substreek- en streekgevoel asook samehorigheid (Kaart 1).

Nodale punte en infrastruktuur
Die gebied word goed bedien deur nodale kerne met hulle funksionele

invioedsgebiede, naamlik :-

Klerksdorp/Potchefstroom as nodale kerns vir Streek 23 asook

minstens die distrikte van Bothaville en Viljoenskroon.

Rustenburg as nodale kern vir Streek 24.

Die nodale kerns in hierdie streek beskik oor sterk infrastrukturele en sosiale verbintenisse met die verskilende dorpe in hulle invloedsgebiede. Bogenoemde verbintenisse is bepaal by wyse van 'n wetenskaplike studie deur Klerksdorp Stadsraad wat aangetoon het dat

die distrikte van Bothaville en Viljoenskroon binne die funksionele

invloedsgebied van Klerksdorp geleÃ© is wat verder oor bykans die hele Streek 23 strek (Kaart 2). Hierdie ondersoek het ook aangetoon dat Christiana waarskynlik binne die invioedsgebied van Kimberley geleÃ© is. Nieteenstaande bogenoemde assosieer diÃ© distrik hom egter met Streek J weens administratiewe strukture.

Wat inkooppatrone en die benutting van dienste betref, bestaan daar 'n wisselwerking tussen hierdie twee nodale streke wat sterker is as die wisselwerking na buite (Kaart 3). Hierdie argument geld ook ten opsigte van administratiewe wisselwerking weens bestaande administratiewe strukture (Tabel 1).

K.0.S.H. - STREEKLIGGING

NSy

s

\

\
\
Kreensted

?â\200\230\,.rioono-ovs

KAART 1
VOORGESTELDE STREEKAFBAKENING

ONTWIKKELINGSTREEK J MET BOTHAVILLE
EN VILJOENSKROON DISTRIKTE IN NOORD-
OVS (STREEK 30)

STADS- EN STREEKSBEPLANNERS
TOWN ANO REGIONAL PLANNERS

K.O0.S.H. - STREEKLIGGING

-

4

f Â¥

_
~

Scceemma"Â®,

-

- -

wmm HANDEL/DIENSTE

INVLOEDSGEBIEDE
MmABATHO (ADMINISTRATIEWE g3 oy cesieo
INVLOEDSGEB.ED) | Bophuthatsvana
PWV-GEBIED (INTERNE e
INVLOEDSGEBIED) _ Streek 24
o STADS- EN STREEXSBEPLANNERS :s:?g:::;::::ings
R w TONN AND RESIONAL PLANNERS Spoorverbindings

I

g N
30%, 40%)\59% 607% 70%

"
13er Aenene \ -

HANDELSINVLOEDSFEER .

MET AFNEMENDE INTENSITEITSONES
KOOPKRAG i

VAN

[EIMETROBLAN == v

.
â\200\231
1 l Â¥
~ g0

it Verseniging

b
/ .
/- â\202¬05

Q7

Landdrosstreke
Hoofpadverbindings
Spoorverbindings

Rasionalisering van TBVC-state en selfregerende gebiede
Weens administratief strukturele verskille skakel Bophuthatswana nie goed in by Streek J nie. Bogenoemde weens onsekerhede oor politieke standpunte ten opsigte van herinskakeling by die RSA en vanweÃ© die feit dat Bophuthatswana alreeds hulle eie tradisies en regeringspatrone gevorm het.

TAa. 1

OWERHEIDSDIENSTE : KLERKSDORP/RUSTENBURG/POTCHEFSTROOM

STREEK

DEPARTEMENTE NASIONAAL STREEK SUBSTREEK PLAASLIK
NASIONALE GESONDHEID EN Â® P
BEVOLKINGSONTWIKKEL ING
JUSTISIE
LANDBOU EKONOMIE EN BEMARKING
LANDBOU WATERVOORSIENING
ONDERWYS OPLEIDING
OPENBARE WERKE / GRONDSAKE
VERDEDIGING
VERVOER
WATERWESE
SUID-AFRIKAANSE POLISIE
FINANSIES (ONTVANGER
ONDERWYS EN OPLEIDING
NASIONALE OPVOEDING
BUITELANDSE SAKE
MANNEKRAG
POS- EN TELEKOMMUNIKASIE
S.A. VERVOERDIENSTE
TPA GEMEENSKAPSDIENSTE
TPA NATUURBEWARING
TPA TAK PAAIE
TPA WERKE
GEVANGENIS
SENTRALE STATISTIEKDIENS
MINRAAL- EN ENERGIESAKE
TPA ONDERWYS
BIBLIOTEEKDIENSTE
ESCOM
SETEL STREEKDIENSTERAAD
HOSPITAAL
UNIVERSITEIT
TEGNIESE KOLLEGE
ONDERWYSKOLLEGE
VERPLEEGSTERSKOLLEGE
BOSKOP OPLEIDINGSENTRUM

(K = KLERKSDORP; R = RUSTENBURG; P = POTCHEFSTROOM)

Noodsaaklikheid om finansiÃ©le en ander koste sover as redelikerwys

moontlik te beperk

Deur die grense van die streek te beperk tot Streek J en die Noord-Vrystaat, kan die finansiÃ©le en ander kostes beperk word deurdat reeds bestaande administratiewe dienste en funksionele strukture benut kan word. Bogenoemde kan ook koste-effektief uitgebrei word vanweÃ© die

korter afstande tussen die sentrums onderling en van die nodale kern.

Nodigheid om ongerief vir mense te minimiseer

Die streek word alreeds doeltreffend op administratiewe-, dienste-, en handelsgebied vanaf bestaande nodale kerns wat nabygeleÃ© is, bedien. Nuwe strukture kan ongerief en verwarring veroorsaak.

Nodigheid om ontwrigting van dienste te minimiseer

Streekdienste word alreeds op ’n funksionele wyse by wyÃ©e van

streekdiensterade, waterrade en ander owerheidsdienste gelewer. Bestaande owerheids- en ander streekdiensinstellings wat alreeds in

die streek gevestig is, is soos volg :

Streekdiensterade:

Twee streekdiensterade, naamlik Wesvaal Streekdiensteraad vir Beplanningstreek 23 met Klerksdorp as setel en Rustenburg-Marico

Streekdiensteraad vir Beplanningstreek 24 met Rustenburg as setel.

Ontvanger van Inkomste:

Klerksdorp bedien die hele suidelike deel van Wes-Transvaal wat strek vanaf die PWV-gebied tot by Christiana.

Justisie/Streekgevangenis:

Die suidelike gedeelte van Wes-Transvaal word deur die Streekhof wat in Klerksdorp gesetel is bedien, terwyl Klerksdorp Streekgevangenis ’n groot gedeelte van Wes-Transvaal en Noord-Vrystaat bedien.

Mynkommissaris:

Die Mynkommissaris op Klerksdorp bedien die hele Streek 23 (Wes-Transvaal), Streek 24 (Noord-Wes Transvaal) en Carltonville distrik.

Eskom:

Eskomkantoor op Klerksdorp bedien bykans die hele Streek 23 (Christiana uitgesluit), die westelike gedeelte van Streek 24, gedeeltes van Bophuthatswana en Noord-Vrystaat tot suid van Welkom.

Mannekrag:
Die plaaslike kantoor van Departement Mannekrag bedien die hele

Streek 23, ’n gedeelte van Streek 24 en Noord-OVS.

Satoer:

Satoer se streekkantoor op Potchefstroom bedien die hele Streek J.

Demografiese oorwegings

Die streek beskik oor ’n totale bevolking van 981 803 mense wat bestaan uit ’n stedelike bevolking van 415 798 mense en landelike

bevolking van 566 005 mense.

Deur die toepassing van ’n naaste buurman analise blyk dit dat die dorpe in Klerksdorp se invioedsfeer ’n gegroepeerdheid toon. Dieselfde geld vir die dorpe in Rustenburg se invioedsfeer (Zeerust, Koster, Swartruggens, Groot Marico). Volgens hierdie analise is daar ook ’n duidelike globale groepering van die dorpe in Streek J as geheel (insluitende Bothaville en Viljoenskroon). In alle gevalle is die naaste buurdorp van al die dorpe in Streek J geleÃ©. Die gevolgtrekking wat hieruit gemaak kan word, is dat daar ’n duidelike konsentrasie van bevolking in die betrokke gebiede bestaan met ’n afname aan die

periferie.

Ekonomiese lewensvatbaarheid
Met die insluiting van die streke waarby omvangryke Metropolitaanse

gebiede ingesluit is, lewer die streek die derde grootste bydrae tot die land se BGP. Aangesien 'n groot persentasie van die BGP bydrae van Streek J gegenereer word deur ekonomiese aktiwiteite wat gekenmerk word deur inkomste wat nie tans plaaslik aangewend word nie, kan die aanwending van hierdie inkomste in die streek 'n baie belangrike

bydrae lewer tot die ekonomiese lewensvatbaarheid van die streek.

BGP BYDRAES 1970 EN 1990

Indien die voorgestelde streek (Keuse 1) vergelyk word met Keuses 2 en 3 (Keuses 3 en 4 is bykans dieselfde) en Streek H (wat die sterkste

streek is gemeet aan die BGP en bevolkingsgetalle) blyk die situasie soos uiteengesit in Tabel 2.

TABEL 2
VERGELYKING VAN UITSTAANDE KENMERKE VAN STREEKVOORSTELLE

10

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| KEUSE 1 | 981 803 | 40 949 | 10 658 970 | 10 856 | 24 |
| KEUSE 2 | 4 030 837 | 243 690 | 21 925 519 | 5 439 | 17 |
| KEUSE 3 | 6 610 633 | 367 261 | 36 375 149 | 5 503 | 18 |
| STREEK H | 7 909 200 | 23 894 | 91 099 954 | 11 518 | 331 |

Uit die tabel is dit duidelik dat Keuse 1 van BGP per capita -betref aansienlik beter daaraan toe is as Keuses 2 en 3. Trouens dit vergelyk

goed met Streek H. Al drie keuses het 'n lae bevolkingsdigtheid

gemeet aan Streek H. Keuse 3 vergelyk goed met Streek H wat

bevolkingsgetalle betref.

Ontwikkelingspotensiaal

Die streek beskik oor 'n groot verskeidenheid natuurlike hulpbronne

wat kan dien as onderbou vir toekomstige ontwikkeling, naamlik :-

Minerale afsettings

Goud, platinum en diamante, asook heelwat ander minerale afsettings wat ontgin kan word. Die 1990-bydrae van mynbou tot die BGP van die streek was R4474,3 miljoen.

Waterhulpbronne
Heelwat opperviakte en dolomitiese waterpotensiaal bestaan in die streek.

Toerisme

Toerismepotensiaal in die streek IÃ© veral opgesluit in die groot aantal wildsplase wat ’n kenmerk van die streek as geheel is, die Vaalrivier en sy sytakke, verskeie natuurreservate (Bloemhofdam-, Boskopdam-, SA Lombard- en Rustenburg natuurreservaat), kultuur-historiese besienswaardighede van Blanke en Swart oorsprong en goud, platina en diamantbedrywighede.

Landbou

Die dominante gewasse wat verbou word is mielies, graansorghum en sonneblom, terwyl koring ook prominent is in die Vrystaatse distrikte. Ander gewasse wat verbou word is

aartappels, grondbone asook tabak en sitrusverbouing in die

Rustenburgstreek. Bees- en skaapboerdery word in die hele

streek aangetref, meestal in samehang met gewasverbouing. Die 1990-bydrae van landbou tot die BGP van die streek was R494 miljoen.

Werklikhede ten opsigte van Kultuur en Taal

Tswana en Afrikaans is wat kultuur en taal betref corheersend dominant

in die streek (vergelyk Tabel 3). Daar is ’n skerp afname in Tswanasprekendes buite die streek - met die uitsondering van Bophuthatswana. Afrikaans is absoluut dominant onder die Blanke bevolking in die streek.

TABEL 3

PERSENTASIE AFRIKAANS- EN TSWANASPREKENDES IN DIE STREEK (KEUSE 1)

| | | |
|---|---|---|
| BLOEMHOF | 15% | 51% |
| CHRISTIANA | 28% | 30% |
| DELAREYVILLE | 14% | 68% |
| KLERKSDORP | 26% | 25% |
| LICHTENBURG | 19% | 64% |
| POTCHEFSTROOM | 35% | 24% |
| SCHWEIZER-RENEKE | 11% | 70% |
| VENTERSDORP | 13% | 56% |
| WOLMARANSSTAD | 13% | 55% |
| KOSTER | 13% | 82% |
| RUSTENBURG | 41% | 33% |
| SWARTRUGGENS | 20% | 67% |
| MARICO | 185 | 67% |
| BOTHAVILLE | 10% | 13% * |
| VILJOENSKROON | 10% | 9% * |

SUID SOTHO IS PROMINENT

BYKOMENDE KEUSES

3.1 KEUSE 2 (KAART 4)

As tweede keuse gaan die Stadsraad akkoord met die motivering vir SATSWA

Voorstel 1 soos uiteengesit in die verslag "The SATSWA Initiative" met die uitsondering dat minstens die distrikte van Bothaville en Viljoenskroon weens hul ekonomiese- en funksionele skakeling met Klerksdorp hierby ingsluit word.

Indien hierdie keuse aanvaar word, blyk dit uit die rol en funksies van die verskillende nodale kerns in die streek, naamlik Klerksdorp, Mmabatho, Rustenburg, Potchefstroom en Vryburg dat Klerksdorp op grond van sy BGP

bydrae, bevolkingsgrootte en diensfunksie die hoogste orde dorp in die streek

is.

KEUSE 3 EN 4 (KAART 5)

Keuse 3 behels die gebied wat gevorm word deur Streek J, Bophuthatswana, Vrystaat, 'n gedeelte van Noord-Kaap en stem ooreen met NSOAR Scenario 2.

Keuse 4 wat SATSWA Opsie 1 en die Vrystaat insluit stem tot 'n groot mate ooreen mat SATSWA Opsie 3.

Indien een van hierdie opsies aanvaar word, is die Stadsraad van Klerksdorp van mening dat dit slegs by wyse van funksionele substreke wat oor 'n groot mate van outonomiteit sal beskik, doeltreffend kan funksioneer. Vir die inwoners van die streke is die nadeel van 'n groot streek dat streekdienslewering nie doeltreffend van 'n enkele hoofstad of sentrum sal kan geskied nie.

Indien Keuse 3 of 4 die uiteindelike gekose streekmodel is en Klerksdorp nie die aangewese Streekhoofsentrum is nie, sien Klerksdorp Stadsraad die stad se posisie as nodale kern van 'n onverdeelde funksionele substreek (sy

invloedsfeer) waarbinne die stad oor 'n groot mate van outonomiteit sal beskik.

(k-stad(2), 8/6/2, p1-13)

STREEK J MET

INSLUITING VAN

NOORD-OVS
SATSWA VOORSTEL 1
MET DIE INSLUITING
VAN NOORD-OVS

STAOS- EN STREEKSBEPLANNERS
TONN AND REGIONAL PLANNERS

HIMETROPLAN

STREEK J MET
VRYSTAAT EN
NOORD-KAAP

SATSWA OPSIE 1
MET VRYSTAAT

KAART 5

STAODS- EN STREEKSBEPLANNERS
TONN ANO REGIONAL PLANNERS

BIMETROPLAN